# 'N VERGELYKENDE STUDIE TUSSEN NARRATIEWE BERADING EN SPELBERADING MET SAND

MADELEINE MULLER
B. A. SOSIOLOGIE HONS.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die vakgroep Sosiologie met spesialisering in Huweliks- en Gesinsvoorligting en –Beraad aan die skool vir Gedragswetenskappe in die Fakulteit Vaaldriehoek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: Mnr. H.W. Nell

MEDESTUDIELEIER: Me. D. Faul

VANDERBIJLPARK
NOVEMBER 2002

NOORDWES UNIVERSITEIT
VAALDRIEHOEKKAMPUS

## ***Abstract***

Title : A comparison between Narrative counselling and playtherapy with sand.

The recent emergence of the postmodern discourse has led to the creation of a multitude of new approaches to counselling, amongst which one of the most current is the narrative approach, developed by Michael White. This approach to therapy has gained tremendous popularity during the past decade.

The researcher was interested in the possibilities of a combination of narrative therapy with another system of therapy known as playtherapy with sand. In this method, therapy is carried out by means of a process where a client is encouraged to create a miniature representation of his world and his problems in a sandtray, using miniature objects that are representative of various life elements.

Like Narrative counselling the playtherapist also works with the clients' stories. The client builds his story in the sand, rather than making use of words.

The researcher felt that these two forms of therapy might have a lot in common, and set out to explore the similarities and potential for co-operation between these two therapeutic modalities. The origins, basic assumptions, and methodologies of Narrative therapy and playtherapy with sand are discussed, followed by an in depth examination of the correspondences between these two systems.

The researcher asks questions about the possibilities of a creative way of entering into discussion with the client from a narrative perspective - using playtherapy with sand to support the process, or even playtherapy with sand, to be supported by Narrative therapy.

## ***Sleutelbegrippe***

- **Narratiewe beraad**
- **Postmoderne paradigma**
- **Sosiale konstruksie**
- **Diskoers**
- **Berading**
- **Berading deur spel met sand**

## ***Keywords***

- **Narrative therapy**
- **Postmodern paradigm**
- **Social construction**
- **Discourse**
- **Counselling**
- **Counselling through play with sand**

# DANKBETUIGING

Graag wil ek my Hemelse Vader dankie sê vir die krag en geleentheid om hierdie studie te kon doen. Sonder Hom sou ek dit nooit kon regkry nie. Hierdie skripsie word tot Sy eer gelewer.

Graag wil ek dankie sê vir my man, Bjorn vir sy ondersteuning, liefde en geduld. Jy is vir my 'n steunpilaar.

Baie dankie aan my ouers, skoonouers en vriende vir hulle konstante belangstelling en ondersteuning en dat hulle verstaan het wanneer ek nie so gereeld tyd saam met hulle kon spandeer nie.

Dankie aan Werner Nell wat as my studieleier opgetree het. Jy is 'n inspirasie en jou kreatiwiteit en kritiese ondersteuning word opreg waardeer.

My medestudieleier, Dinelle Faul, wil ek bedank omdat sy my aan die werkswyse van sandspel voorgestel het. Sonder haar hulp, as kenner op die gebied van berading met sand, sou hierdie skripsie vele tekortkominge gehad het.

Ek wil meneer van Niekerk bedank vir sy blootstelling aan die Narratiewe werkswyse en alles wat ek by hom kon leer.

Dankie aan die personeel van die Vaaldriehoekkampus biblioteek wat altyd Behulpsaam en vriendelik was.

*" It is not the size of the step that a person takes that counts, but it is the direction"*
– Michael White, 1994 –

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: ORIËNTASIE TOT DIE NAVORSING** **1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Die probleemstelling | 1 |
| 1.3 | Die doelstelling | 3 |
| 1.4 | Die metode van ondersoek | 4 |
| 1.5 | Hoofstukindeling | 5 |
| 1.6 | Omskrywing van begrippe | 6 |
| 1.6.1 | Diskoers | 6 |
| 1.6.2 | Narratief | 6 |
| 1.6.3 | Spelberading met sand | 7 |
| 1.7 | Samevatting | 7 |

**HOOFSTUK 2: EPISTEMOLOGIESE PERSPEKTIEWE** **9**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 9 |
| 2.2 | Modernisme | 9 |
| 2.3 | Postmodernisme | 10 |
| 2.3.1 | Sosiale konstruktivisme | 13 |
| 2.3.2 | Narratiewe berading | 16 |
| 2.4 | Samevatting | 17 |

**HOOFSTUK 3: DIE NARRATIEWE METAFOOR** **18**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 18 |
| 3.2 | Inleidende opmerkings oor narratiewe berading | 18 |
| 3.3 | Die oorsprong van die narratiewe metafoor | 20 |
| 3.4 | Die proses in die narratiewe benadering | 21 |
| 3.5 | Die beradingsproses in narratiewe berading en die rol van die berader | 23 |
| 3.5.1 | Dekonstruksie van die probleemdeurdrenkte storie | 25 |
| 3.5.2 | Rekonstruksie van 'n meer aanvaarbare narratief | 27 |
| 3.6 | Samevatting | 30 |

**HOOFSTUK 4: SANDSPELBERADING** **31**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 31 |
| 4.2 | Inleidende gedagtes oor sandspelberading | 31 |
| 4.3 | Die agtergrond van spelberading met sand | 34 |
| 4.4 | Die toerusting in sandwerk | 37 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.5 | Argetipes en die gebruik van simbole in spelberading met sand | 42 |
| 4.6 | Die proses in spelberading met sand en die rol van die berader | 44 |
| 4.7 | 'n Voorbeeld van spelberading met sand | 56 |
| 4.8 | Samevatting | 58 |

**HOOFSTUK 5: NAVORSINGSMETODOLOGIE** **59**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 59 |
| 5.2 | Kwalitaitewe navorsing | 59 |
| 5.3 | Literatuurstudie | 61 |
| 5.4 | 'n Kwalitatiewe-vergelykende studie | 62 |
| 5.5 | Samevatting | 62 |

**HOOFSTUK 6: 'N VERGELYKING TUSSEN NARRATIEWE BERADING EN SANDSPELBERADING** **63**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 63 |
| 6.2 | 'n Vergelyking tussen narratiewe berading en spelberading met sand | 64 |
| 6.2.1 | Ons leef in stories | 64 |
| 6.2.2 | Die beradingswyses en die prosesse wat gevolg word | 65 |
| 6.2.2.1 | Die berader werk vanuit 'n " nie weet nie" – posisie | 65 |
| 6.2.2.2 | 'n Nie-dirrektiewe werkswyse | 66 |
| 6.2.3 | Eksternalisering | 67 |
| 6.2.4 | Die dominante storie oorheers | 68 |
| 6.2.5 | Daar vind dekonstruksie van die probleem plaas | 70 |
| 6.2.6 | Unieke uitkomste kom voor | 72 |
| 6.2.7 | Daar word gekyk na vorige beskrywings | 74 |
| 6.2.8 | Daar word van metafore gebruik gemaak | 74 |
| 6.2.9 | Die storie word 'n naam gegee | 75 |
| 6.3 | Die kombinasie van narratiewe berading met sand | 76 |
| 6.3.1 | Bydraes wat narratiewe berading tot spelberading met sand kan lewer | 76 |
| 6.3.2 | Bydraes wat spelberading met sand tot narratiewe berading kan lewer | 76 |
| 6.3.3 | Is 'n kombinasie van narratiewe berading en spelberading met sand moontlik? | 77 |
| 6.3.4 | Samevatting | 77 |

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTING** **79**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Inleiding | 79 |
| 7.2 | Gevolgtrekkings oor die navorsing | 79 |
| 7.3 | Moontlike leemtes binne hierdie studie | 80 |
| 7.4 | Moontlikhede vir verdere studie | 81 |
| 7.5 | Die navorser se reflektering op hierdie studie | 82 |
| 7.6 | Slotopmerkings | 83 |

**BIBLIOGRAFIE** **84**

## -HOOFSTUK 1-

# ORïENTASIE TOT DIE NAVORSING

## 1.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk is daarop gemik om die hoofdoel van hierdie navorsingstuk uiteen te sit. Die hoofstuk begin deur die probleemstelling uiteen te sit en bespreek die doelwit van hierdie skripsie. Die metode van ondersoek wat gevolg word om hierdie doelwitte te bereik word vervolgens bespreek. Die afdeling word gevolg deur 'n kort uiteensetting van die struktuur en formaat van hierdie werkstuk. Laastens is daar 'n omskrywing van belangrike begrippe waarvan kennis geneem moet word.

## 1.2 Die probleemstelling

**Narratiewe berading** het nuwe idees in die beradingswêreld ingebring, tot so 'n mate dat berading 'n nuwe rigting ingeslaan het. Die veld van berading is dramaties beïnvloed deur die teoretiese veranderinge na die postmoderne era. In die Narratiewe diskoers word die sisteem en kubernetiese paradigmas uitgedaag en verskaf dit 'n alternatiewe perspektief oor die ontstaan en hantering van probleme (Soal & Kottler, 1996:123).

Narratiewe berading fokus daarop dat die *kliënt* nie die probleem is nie; die *probleem* is die probleem (Freedman & Combs, 1996:16). Die Narratiewe beradingswyse werk nie net met die kliënt se probleem nie, maar ook met die kliënt se storie. Epston (1998:11) asook Winslade en Smith (1997:165) meen dat die mens 'n behoefte het om betekenis uit sy ervarings en lewe te verkry, en daarom rangskik hy sy ervarings in volgorde van tyd om 'n betekenisvolle narratief

of storie te vorm. Die berader wat vanuit die Narratiewe benadering werk, beweeg dan in die narratief of storie om die kliënt te probeer verstaan.

Die kliënt kan binne die Narratiewe werkswyse van metafore gebruik maak om homself uit te druk (Freedman & Combs, 1996:8). Deur die gebruik van metafore kan die kliënt afstand tussen hom en die probleem in sy lewe verkry, wat gepaardgaan met die proses van eksternalisering in die Narratiewe benadering (Muller & Van Niekerk, 2001:200). 'n Verdere metode van die Narratiewe benadering om eksternalisering te versterk is om die kliënt te vra om sy storie 'n naam te gee (Nicholson, 1995:24).

**Spelberading met sand** is 'n unieke beradingsmetode wat werk deur 'n onbewustelike en natuurlike proses. Carmichael (1994:1) beskryf spelberading met sand as 'n vorm van berading waarin die kliënt kan uiting gee aan die wêreld waarin hy leef. Die berader kry die geleentheid om 'n "in die skoene van die kliënt"- ervaring te beleef deur hul reis saam (Ryce-Menuhin, 1992:11).

Deur van Spelberading met sand gebruik te maak word die kliënt die geleentheid gegee om sy storie in die sand uit te bou (Weinrib, 1983:81). Deurdat daar met die storie in die sand gewerk word, kry die kliënt afstand tussen die storie en die persoon, wat ook eksternalisering impliseer (Cunningham, 2001:3). Die storie van die kliënt kan 'n naam gegee word (Homeyer & Sweeney, 1998:81). Hierdie "naamgee" gee die berader 'n idee van hoe die kliënt homself mag sien.

Die studie kan 'n bydra lewer tot die werkswyse van spelberading met sand, asook Narratiewe berading, wat verryk kan word deur die unieke wyse van kommunikasie tussen die klient en die berader deur middel van sy wêreld in die sand. Die studie kan verder bydraes lewer tot die bekamping van misverstande tussen berader en kliënt deurdat dit die kwaliteit van kommunikasie tussen die berader en kliënt verbeter.

Die navorser voel dat daar baie ooreenkomste tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand is en wonder oor moontlike samewerking tussen hierdie twee wyses van berading. Die ooreenkomste tussen die twee werkswyses is egter nog nie ondersoek nie, en daarom sien die navorser 'n gaping wat binne die navorsingsmilieu bestaan.

## 1.3 Die doelstelling

Die Narratiewe beradingswyse spruit voort uit die postmoderne denkrigting. In hierdie wyse van berading word daar gekyk na hoe die storie van die kliënt lyk en word van **verbale** of **nieverbale** kommunikasie gebruik gemaak om die storie van die kliënt oor te dra. In die kliënt se soeke na antwoorde op sy probleem **vertel** hy dan sy storie aan die berader. Hoewel daar verskillende prosesse is wat in die narratiewe beradingswyse voorkom, wat later meer aandag sal geniet, word die oplossings van die kliënt se probleme gevind deur van onder andere 'n nie-direktiewe werkswyse gebruik gemaak.

Die nie-direktiewe werkswyse kom ook voor in spelberading met sand, asook die gee van 'n naam aan die kliënt se storie. Die kliënt kry geleentheid om sy wêreld in die sand te **bou**. So word daar op 'n visuele vlak tussen die berader en die kliënt **gekommunikeer**. Die berader kan meer uitvind oor die storie van die kliënt en uiteindelik beter verstaan wat verskillende objekte (of miniatuur-objekte, wat in hoofstuk 4 aan die orde kom) beteken, om te verhoed dat die berader aannames maak.

Baie vorme van spelberading met sand word onder andere gebruik in persoonsgesentreerde terapie (Guerney, 2000:4), transaksionele analise (Conning, 1998:342), gestalt-terapie (Oaklander, 2000:32) en Jungiaanse sandspelterapie (Carmichael, 1994:1; Hegeman, 2001:1).

Vir die doel van hierdie studie word daar hoofsaaklik verwys na vorme van Jungiaanse sandspelterapie wat tydens hierdie studie bekend sal staan as **spelberading met sand.**

Die doel van hierdie studie is nie om spelterapie met sand te doen of in 'n terapeutiese proses met kliënte betrokke te raak nie. Die navorser is deeglik bewus van die feit dat sy nie by die proses van spelberading met sand as psigoterapie betrokke mag raak nie. Die doel van die studie is om die twee prosesse van Narratiewe berading en spelberading met sand teoreties met mekaar te vergelyk. Die navorser wil die ooreenkomste tussen die twee beradingswyses uitlig. So ver die navorser se kennis strek is daar nog nie so 'n studie gedoen nie.

Is dit moontlik dat Narratiewe berading 'n bydrae kan lewer tot spelberading met sand, en dat spelberading met sand op sy beurt 'n bydrae kan lewer tot die Narratiewe berading?

Die navorser se doel met hierdie navosingswerk is ***om 'n vergelykende studie tussen Narratiewe berading en spelberading met sand te doen*** om sodoende die moontlikhede van samewerking te ondersoek.

## 1.4 Die metode van ondersoek

Die keuse vir die navorsing val op die Narratiewe metafoor (White & Epston, 1990) as basis. Die invalshoek vir die navorsing is vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering wat aansluit by die postmodernistiese denkrigting.

Die navorser kies om die kwalitatiewe benadering te volg vir hierdie navorsing. Die kwalitatiewe benadering behels 'n dwarssnit-ontleding waar die navorser gebeurtenisse rondom 'n bepaalde tyd en konteks probeer verstaan en in diepte bespreek (Richards & Bergin, 1997:332).

Van Heerden (1999) meen dat kwalitatiewe navorsing:

a) beskrywend en postmodernisties is,

b) die geheel van 'n saak beskou,

c) nuwe taal en betekenis konstrueer,

d) nuwe aspekte wil illustreer,

e) se betroubaarheid van die navorsing afhang,

f) se op beskrywing val, en

g) navorsers het wat wil verstaan.

Die navorser maak van 'n kwalitatiewe-vergelykende studie gebruik om die navorsing te doen en die kombinasie van Narratiewe berading en spelberading met sand te ondersoek. 'n Literatuurstudie is gebruik om die data te versamel wat die navorser nodig het vir die navorsingstuk. Hierdeur kan die navorser soveel inligting moontlik versamel oor wat alreeds oor die Narratiewe beradingswyse en spelberading met sand nagevors is en die vergelyking tussen die twee werkswyses te kan tref.

## 1.5 Hoofstukindeling

Die inligting vervat in hierdie studie sal soos volg aangebied word :

**Hoofstuk 2** konsentreer op die **epistemologiese perspektiewe** met die onderskeie diskoerse wat in hierdie skripsie van toepassing is.

**Hoofstuk 3** bevat die bespreking van die **Narratiewe metafoor** en die **Narratiewe benadering,** asook berading binne hierdie denkrigting.

**Hoofstuk 4** stel **Spelberading met sand** bekend en kyk hoe dit tot stand gekom het. Die rol van die berader word bespreek en daar word gekyk na die beradingsproses in hierdie benadering.

**Hoofstuk 5** gee aandag aan die **navorsingsmetodologie** wat in hierdie werkstuk van toepassing is.

**Hoofstuk 6** fokus op die vergelyking wat gemaak word tussen **Narratiewe berading** en **Spelberading met sand** en kyk ook na die moontlikheid van samewerking tussen hierdie twee werkswyses.

**Hoofstuk 7** bevat die **samevatting,** wat 'n opsomming verskaf oor die navorsing wat in hierdie werkstuk gedoen is. Die navorser kyk na moontlike verdere studies wat gedoen kan word, asook moontlike tekortkominge in hierdie studie.

Die **bibliografie** word in die laaste hoofstuk gegee.

## 1.6 Omskrywing van begrippe

Vir die doel van hierdie navorsing is dit nodig om die volgende begrippe te omskryf soos dit in die navorsing verstaan sal word.

### *1.6.1 Diskoers*

Lowe (1991:45) verskaf die volgende definisie vir die begrip "diskoers":

> *"It is used to indicate a public process of conversation through which meanings are constituted. It refers to systematic and institutionalized ways of speaking, writing or otherwise making sense through the use of language."*

'n Diskoers vorm en beïnvloed die mens se keuse van watter lewensgebeure hy in sy storie gaan insluit en watter nie.

> *"A discourse is a set of more or less coherent stories or statements about the way the world should be."* (Monk et al., 1997:35)

### *1.6.2 Narratief/Storie*

White en Epston (1990:9) se siening van die konstruk "narratief/storie" is:

> *"a unit of meaning that provides a frame for lived experience."*

Mair (1988:127) gee 'n beskrywing van die rol wat stories/narratief speel in mense se lewe:

> *"Stories inform life. They hold us together and keep us apart. We inhabit the great stories of our culture. We live through stories. We are lived by the stories of our race and place."*

### *1.6.3 Spelberading met sand*

Dora Kalff (1981:viii) sê die volgende oor Spelberading met sand:

> *"In this protected situation, the analytical process progress towards a union of opposites through the act of playing. I therefore gave this method the name 'Sandplay'."*

Daar is verskillende begrippe wat gebruik word wanneer daar van spelberading met sand gepraat word. Van Dyk (2000:1) verwys na die teorie van Margaret Lowenfeld en Dora Kalff wat die terme "spelberading met sand", "sandkas- terapie" en ook "wêreldtegniek" gebruik. Verdere benamings is die van Hanna Bratt wat dit "sandkas-spel" noem. Goesta Harding het dit eens "die Erica- metode" genoem, en dit later verander na "die wêreldtoets". Janette Reed het daarna verwys as "sandwonder", "sandkas-spel" en "spelberading met sand". William Goodheart het verkies om van die "wêreld van spelberading met sand" te praat, terwyl Lois Carey dit "Jungiaanse spelberading met sand" genoem het (De Domenico, 2001:2).

Vir die doel van hierdie studie verkies die navorser om van die begrip "spelberading met sand" gebruik te maak en so na 'n kombinasie van hierdie benamings van spelberading met sand te verwys.

Pearson en Wilson (2001:1) verduidelik wat spelberading met sand is:

> *"Sandplay is a hands-on, expressive counselling that has been in use for well over fifty years. It has been used with children, adolescents and adults in schools, hospitals, welfare agencies and private counselling practices. It forms a bridge between verbal therapy and the expressive therapies, combining elements of both."*

## 1.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling en die doelstelling van hierdie studie uiteengesit. Die navorser het ook die vraag beantwoord rondom watter navorsingswyse gevolg gaan word om hierdie studie se doelwit te kan bereik.

Vervolgens word die twee beradingstegnieke, Narratiewe berading en spelberading met sand bespreek, 'n vergelyking word getref en ooreenkomste uitgelig om so die moontlikheid van kombinasie van die twee werkswyses te ondersoek. Die navorser nooi die leser om in hierdie soektog te deel.

## -HOOFSTUK 2-

# EPISTEMOLOGIESE PERSPEKTIEWE

## 2.1 Inleiding

Om die Narratiewe benadering te kan verstaan en te weet waaruit hierdie denkrigting ontwikkel het, is dit nodig om na die fondamente van hierdie benadering te kyk.

Volgens Kotze (1992:3-4) is epistemologie die wyse waarop die navorser tot kennis van die werklikheid kom. Die navorser verduidelik verskillende konsepte wat die grondslag van hierdie navorsing vorm en wat op hierdie werkstuk van toepassing is.

Die grondslag van die Narratiewe benadering is gevorm uit die postmodernisme, wat uit die modernisme uitvloei. Daar word na modernisme, postmodernisme, sosiale konstruktivisme en die narratiewe denkrigting gekyk.

Vervolgens word die modernisme kortliks bespreek as die voorloper van die postmodernistiese diskoers.

## 2.2 Modernisme

Anderson (1997:29) se interpretasie verwys na modernisme as 'n filosofiese, Westerse tradisie, 'n era, 'n diskoers wat die mens as die middelpunt van die heelal sien. Hy sê verder dat moder-

nisme kennis beskou as subjektief waarneembaar en veranderlik, en dat dit universeel en kumulatief is. Oorkoepelende en veralgemeenbare teorieë ontwikkel vanuit hierdie kennis. Volgens Anderson (1997:30) is modernisme 'n eensydige diskoers waarin die waarheid oorheers en stabiliteit van hoë waarde geag word.

Monk et al. (1997:304) verwys na modernisme as die tydperk van die rede waar die soeke na universele, wetenskaplike waarhede ander kennis domineer. Tydens hierdie tydperk is die wetenskap ook beskou as die enigste metode om die mens te "behandel" (McNamee, 1996:120).

Volgens Anderson (1997:31) lei hierdie benadering tot berading dat die invloed van sosiale, ekonomiese, politieke en interpersoonlike faktore geïgnoreer word. Die moderne diskoers neem nie altyd die lewensomstandighede van die persoon in ag nie (Gergen, 1994:241). Berading geskied vanuit die oogpunt dat die berader die kenner is wat alles weet, en daar word standaarde en norme opgestel waaraan persone gemeet moet word (Soal & Kottler, 1996:124). Parry en Doan (1994:8) is van mening dat terapie hoofsaaklik deur die terapeut gelei word en dat die kliënt se stem bedreig word.

Modernisme ontlok kritiek by Freedman en Combs (1996:21), omdat die postmodernistiese siening die indruk wil skep dat dit wil help, maar dat dit mense steeds as objekte sien. Potgieter (2000:15) sluit hierby aan wanneer sy sê dat die modernisme die mens sien as 'n masjien en die berader as 'n werktuigkundige wat herstelwerk op hierdie mens moet doen.

Modernisme het dus tekortkominge in die benadering gehad en as reaksie hierop ontwikkel die postmoderne diskoers.

## 2.3 Postmodernisme

Die postmoderne aanslag ontwikkel onder teoretici en navorsers as alternatief nadat verskillende dissiplines die sekerheid en gebruike van modernisme begin bevraagteken het (Anderson, 1997:34). Die wyse waarop psigoterapeute en beraders na mense se probleme kyk, het in die skuif van modernisme na postmodernisme drasties verander.

Die volgende opsomming deur Anderson (1997:27) skep 'n klein idee van die verskille wat voorkom tussen postmodernisme en modernisme:

> *"Die opkoms van 'n postmodernistiese narratief in die menslike wetenskap het die modernistiese perspektief uitgedaag oor hoe daar gekyk en gedink word oor die wêreld en ons ervaring daarvan. 'n Modernistiese perspektief meen dat die kenner en kennis onafhanklik is, wat universele waarhede en objektiewe realiteit bevat. Hierteenoor verwys postmodernisme nie na 'n era nie, maar na 'n ophoudende teoretiese rigting: kennis word sosiaal gekonstrueer en gegenereer; kennis en die kenner is interafhanklik, met veronderstellings van interverhoudinge van konteks, kultuur, taal, ervaring en begrip. Postmodernisme verskaf alternatiewe vir die talle modernisties gebaseerde aannames en tradisies van psigoterapeutiese teorie en praktyke, asook probleme en simptome van disfunksies, taal as verteenwoordiger, die terapeut as kenner en heler, die kliënt as 'n afhanklike objek, die kennis van die self, en die opvoeding van terapeute" (Anderson, 1997:27).*

Freedman en Combs (1996:21-34) dui die verskil tussen modernisme en postmoderniteit soos volg aan:

| **Die moderne diskoers** | **Die postmoderne diskoers** |
|---|---|
| 1) Kategorisering en ettikettering van menslike gedrag. | 1) Menslike gedrag word binne die konteks beskou. |
| 2) Luister na die persoon se narratief met die doel om dit te evalueer | 2) Luister na die persoon se narratief om dit te verstaan. |
| 3) Fisieke wetenskappe is 'n belangrike metafoor. | 3) Die geesteswetenskappe word as 'n meer bruikbare metafoor beskou. |
| 4) Feite is belangrik. | 4) Meer klem word gelê op betekenis. |
| 5) Reëls is belangrik en alle gedrag is meetbaar. | 5) Uitsonderings op die reëls is ook belangrik. |
| 6) Glo dat daar een universele waarheid is. | 6) Glo dat daar nie een absolute waarheid kan wees nie. |
| 7) Fokus op die toepassing van spesifieke behandelingstrategieë. | 7) Die uniekheid van elke mens word erken. |

| | |
|---|---|
| 8) Veralgemenings word gehandhaaf met die beskrywing van menslike gedrag. | 8) Daar word na die invloed van omgewing op menslike gedrag gekyk asook na die persoon se probleem |
| 9) Die berader is die kundige op gebied van menslike gedrag. | 9) Die kliënt is die kundige van sy eie gedrag en lewensverhaal. |
| 10) Dit werk metodologies om universele waarhede te ontdek. | 10) Dit werk in terme van diversiteit. |

Skrywers wat wegbeweeg van gevestigde diskoerse en universele waarhede van modernisme is Derrida (1978), Foucult (1972, 1980), Rorty (1979) en Wittgenstein (1961). Lotter (1995:37) meen dat die postmoderne diskoers gesien kan word as die gees van modernisme wat tot selfinsig gekom het, en die heilige idees van modernisme se fokus verwissel van die "argeologie van die psige" na die "argitektuur van die kulturele landskap" (Lyddon & Schreiner, 2000:9).

Lyddon en Schreiner (2000:9) sien die konstruk "postmoderniteit" soos volg:

> *"This appreciation for (and indeed, celebration of) the complexity and diversity of human selves, realities, and ways of knowing perhaps most sufficiently defines the contemporary epochal perspective of postmodernism."*

Lynch (1997:11) se standpunt is:

> *"Underpinning this theory is the assumption that there is no such thing as universal, objective knowledge and that this theory is an expression of the language, values and beliefs of the particular communities and contexts that I have lived within."*

Gergen (1992:57) skryf:

> *"The postmodern argument is not against the various schools of therapy, only against their posture of authorative truth. Postmodernists believe that there are limits on the ability of human beings to measure and describe the universe in any precise, absolute, and universally applicable way. They differ from modernists in that exceptions interest them more than rules. They choose to look at specific, contextualized details more often*

*than grand generalizations, difference rather than similarity. Postmodernists are concerned with meaning."*

Freedman en Combs (1996:22) glo dat daar beperkinge is op die mens se vermoë om die heelal te meet en te beskryf volgens 'n absolute en universeel toepasbare manier. Hierdie siening is vanuit 'n postmodernistiese benadering wat meer klem lê op betekenis, in teenstelling met die modernistiese denkers wat met feite en reëls gemoeid is.

Volgens Lax (1996:69) konsentreer die postmoderne diskoers eerder op die dialoog, veelvuldige perspektiewe, en word daar aandag gegee aan die proses eerder as aan doelwitte. Uit O'Hanlon (1994:24) se artikel "The third wave" is dit duidelik te bespeur dat postmoderniteit gekant is teen etikettering van menslike gedrag. Hy skryf: "Such static and generalized labels undermine everyone's belief in the possibility of change."

Lax (1996:69) dui die verskil tussen modernisme en postmodernisme baie goed aan. Hy meen die mens moet eerder gesien word as 'n narratief wat ontplooi en nie as 'n geslote entiteit nie. Die lewensverhaal van die kliënt is nie iets om te interpreteer nie, maar moet eerder gesien word as 'n proses wat ontwikkel. Die mens moet gesien word binne sy konteks, eerder as 'n geslote entiteit.

In die ontplooiing van die epistemologiese perspektiewe is dit nodig om in 'n postmodernistiese paradigma te weet hoe die mens sy waarhede, mag en kennis konstrueer. Vervolgens kyk die navorser na sosiale konstruktivisme as uitvloeisel van die postmodernisme.

### *2.3.1 Sosiale konstruktivisme*

Sosiale konstruktivisme fokus op sosiale prosesse en die invloed van taal en kultuur. Volgens Hoffman (1996) word realiteit deur die samelewing gekonstrueer. Kotze (1992:10) som die sosiaal-konstruktivistiese posisie soos volg op:

> *"Wetenskap en kennis, as die vrugte van wetenskaplike arbeid, is dus in die taaldomein geleë en is as betekenis wat sosiaal in taal geskep word. Dit is nie weergawes van die werklikheid nie, maar eerder sosiale konstrukte oor die werklikheid."*

Jacques Derrida (soos aangehaal in Freedman & Combs, 1996:29) sê dat betekenis nie gedra word in 'n woord op sy eie nie, maar 'n woord in verhouding tot sy konteks, en geen twee kontekste kan presies dieselfde wees nie. Dus is die betekenis tussen woorde iets wat oor besluit word tussen twee of meer sprekers, of tussen 'n teks en 'n leser.

Deur middel van taal word betekenis en begrip sosiaal gekonstrueer (Anderson & Goolishian, 1996:29). Kennis, idees, konsepte en herinnering is produkte van sosiale interaksie en word bemiddel deur taal (Anderson, 1997:41, Hoffman, 1996:8). Volgens Ferreira en Botha (1998:79), asook Anderson en Goolishian (1988:378) is taal nie noodwendig 'n weerspieëling van die werklikheid nie, maar deur taal kan ons werklikhede skep. Taal is nie net die medium waarmee daar gekommunikeer word nie, die mens bestaan ook in taal. Die ontwikkeling van kennis en realiteit word deur Kotze (1992:66) gesien as "onderhandelde betekenisse" binne die domein van taal.

Die sosiaal konstruktivistiese benadering verwerp die bestaan van 'n objektiewe of enkele waarheid (Monk *et al.*, 1997:40).

Hoffman (1996:2), na aanleiding van Gergen (1994), dui die verskil tussen die sosiale konstruksie-diskoers en konstruktivisme soos volg aan: die sosiale konstruksie-diskoers lê meer klem op sosiale interpretasie asook die invloed van taal, familie en kultuur. Konstruktivisme, daarenteen, lê weer meer klem op 'n biologiese interpretasie van kognisie.

*Monk et al* (1997:42) glo dat die totstandkoming van feite as objektiewe waarhede asook 'n enkele waarheid wat uitgesonder word, enige ander alternatiewe kennis diskwalifiseer. Geen enkele perspektief word as beter of as 'n groter waarheid bo 'n ander aanvaar nie. So wil die navorser ook geen enkele waarheid aanhang of diskoers uitsonder nie, maar graag verskillende diskoerse van narratiewe berading ondersoek.

Geen enkele perspektief word as *die* waarheid beskou nie, daarom word elke teorie gesien as *'n* antwoord, eerder as *die* antwoord. Monk *et al.* (1997:40) ondersteun hierdie idee:

*"Rather than taking knowledge as given, somewhere 'out there' to be discovered, we prefer to speak about different knowledges and preferred knowledges."*

Freedman en Combs (1996:22) stel die volgende voor as verteenwoordigend van 'n postmoderne, sosiaal-konstruktivistiese en narratiewe oogpunt:

1. Realiteit word sosiaal gekonstrueer.
2. Realiteit word gevorm deur taal.
3. Realiteit is georganiseerd en word behou deur narratief.
4. Daar is geen wesenlike waarheid nie.

Die sosiaal-konstruktivistiese perspektief nooi 'n mens uit om die sosiale oorsprong van vanselfsprekende aannames in ag te neem. Dit vestig die aandag op die sosiale, morele, politiese en ekonomiese instellings en wat ons aannames en onderhouding van hierdie konstrukte oor die menslike natuur is (Gergen, 1985:267-268).

Epston (1998:10) se standpunt is dat die mens nooit direkte kennis van die wêreld kan hê nie en dat ons realiteit gevorm word deur ervaring. Vanuit hierdie perspektief kom die navorser tot die gevolgtrekking dat ervaring die sleutel is tot ons kennis van die wêreld, maar dat dit van mens tot mens mag verskil en daarom 'n subjektiewe realiteit is.

Anderson (1997:41) meen dat sosiale interaksie asook sosiale dialoog die betekenis vorm wat ons koppel aan voorwerpe, gebeure en die mense in ons lewe. Verskillende betekenisse kan gekoppel word aan verskillende gebeurtenisse deur verskillende sosiale groepe. Hulle unieke betekenis reflekteer hul manier van lewe en hulle waardes (Gergen, 1991:119). Die lens waardeur die mens kyk om sy lewe te interpreteer word deur die konteks gevorm (Potgieter, 2000:33).

Die sosiale konstruksie-diskoers ondersteun die idee dat oortuigings en idees bepaal word deur 'n persoon se posisie in sy konteks. Met inagneming van die teorieë en perspektiewe tot dusver uiteengesit, word die leser gehelp om 'n idee te kry van wat narratiewe benaderings is.

Noudat die sosiale konstruksie-diskoers aan die leser voorgestel is en daar beter verstaan kan word waaruit die voorlopers van die Narratiewe benadering bestaan, kan die Narratiewe benadering as uitvloeisel hiervan vervolgens bespreek word.

### *2.3.2 Narratiewe berading*

Die Narratiewe benadering, waarvan die grootste verteenwoordigers moontlik Michael White en David Epston is, kyk na menslike realiteit met betrekking tot die realiteit van 'n storie of narratief.

'n Mens se lewe bestaan uit 'n magdom ervarings. Dit sluit gevoelens, aksies, gedagtes, gebeure en ervarings in. In 'n poging om op 'n punt te kom waar elke mens 'n weergawe van homself kan gee, asook van die mense rondom hom, is dit nodig om die fasette van ervarings in 'n narratief of storie te struktureer en te organiseer.

In die mens se strewe om sin uit die lewe te maak rangskik die mens sy ervarings in volgorde van tyd. Die ervarings of gebeure word ook chronologies gerangskik om dit wat in die verlede was, en die hede, en ook dit wat vir die toekoms voorspel is te verbind, sodat die persoon 'n weergawe hiervan kan ontwikkel. Daar kan na hierdie weergawe as 'n storie of narratief verwys word (White & Epston, 1990:10-11; Bergmann, 1999:3-4; Monk *et al.*, 1997:42).

'n Aanname van die narratiewe teorie is dat alle lewenservarings nie kan inpas in ons self-narratief nie. Daar is altyd sekere aspekte van ons ervarings wat nie geakkommodeer word in ons self-stories nie. Hiervolgens beweer Bruner (1986a:143):

> *"Narrative structures organize and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience, not fully encompassed by the dominant story."*

Freedman en Combs (1996:30) is van mening dat daardie ervarings wat nie betekenis het volgens ons dominante storie nie, bloot uitgelaat en later heeltemal vergeet word. Die persoon wat vir berading kom, se storie sluit dus detail in wat nog nie verken is nie. 'n Narratiewe berader kan dan met die regte vrae die persoon van hulp wees in die "ontginning" van hierdie "onvertelde" stories wat kan bydra tot die persoon se nuwe, herskryfde storie.

In hierdie hoofstuk is daar net kortliks 'n inleiding oor narratiewe berading gegee. 'n Meer gedetailleerde uiteensetting volg in **hoofstuk 3**.

## 2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die navorser gekyk na die fondamente van Narratiewe berading en die perspektiewe waaruit hierdie beradingswyse opgebou is: modernisme, postmodernisme, sosiale konstruktivisme en die Narratiewe benadering.

In die volgende hoofstuk word daar gekyk na die Narratiewe berading en die proses wat dit volg.

-HOOFSTUK 3-

# DIE NARRATIEWE METAFOOR

## 3.1 Inleiding

**Hoofstuk 3** omvat die Narratiewe metafoor en die oorsprong van die Narratiewe beradingswyse. Nadat die Narratiewe beradingswyse so 'n impak op die beradingswêreld veroorsaak het, word daar met nuwe oë na die rol van die berader gekyk.

Wanneer die Narratiewe beradingswyse verstaan word, kan daar gekyk word na die unieke waarde wat dit het en wat die gevolge kan wees wanneer dit tot die kliënt se voordeel gebruik word in ander tipes berading.

## 3.2 Inleidende opmerkings oor Narratiewe berading

Narratiewe berading kan gesien word as 'n uitvloeisel van die sosiale konstruksie- diskoers (Ferreira & Botha, 1998:78) en ontwikkel binne die postmoderne paradigma (Doan, 1997:131; Lyddon & Schreiner, 2000:8).

**Michael White** en **David Epston** (1990:16) meen sosiale konstruktivisme omsluit "the beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labour, and the like that make up our social realities are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation to generation and day to day ". Die term "sosiale konstruksie" asook "postmoderne paradigma" is in meer detail bespreek in die hoofstuk oor die epistemologiese perspektiewe.

Daar word na Narratiewe berading verwys as 'n fundamentele nuwe rigting in die beradings-wêreld (O'Hanlon, 1994:23). In hierdie diskoers word die sisteem en kubernetiese paradigmas uitgedaag en verskaf dit 'n alternatiewe perspektief oor die ontstaan en hantering van probleme (Soal & Kottler, 1996:123).

Narratiewe berading werk nie net met die kliënt se probleem nie, maar ook met die kliënt se storie. Epston (1998:11) asook Winslade en Smith (1997:165) meen dat die mens 'n behoefte het om betekenis uit sy ervarings en lewe te verkry, en daarom rangskik hy sy ervarings in volgorde van tyd om 'n betekenisvolle narratief of storie te vorm, wat dikwels die basis van sy identiteit vorm. Hier word daar na "storie" verwys as die persoon se *lewensverhaal* en die persoon se *realiteit*. Dit is met ander woorde nie net 'n "storie" waarmee die berader te doen het wanneer hy met die kliënt werk nie, maar hy het te doen met 'n persoon se ervaring van sy eie realiteit, en hiervoor moet die berader respek hê. Mair (1988:127) stel dit soos volg:

> *"Stories inform life. They hold us together and keep us apart. We inhabit the great stories of our culture. We live through stories. We are lived by the stories of our race and place."*

Epston (1998:11) gee die volgende definisie van 'n storie/narratief:

> *"A story can be defined as a unit of meaning that provides a frame of lived experience."*

Vervolgens word 'n paar outeurs se sienings oor wat Narratiewe berading is, uitgelig:

- Hevern (1998:1) meen:
  " Narratiewe terapie wil die menslike ervarings verstaan in die lig van stories."

- Doan (1997:131) kom tot die volgende gevolgtrekking:
  *"Narrative therapy is interested in deconstructing stories that dominate, marginalize, subjugate, objectify and exclude people and encourage people to become their own authors while recognising the social nature of human life."*

- Potgieter (2000:35) verduidelik Narratiewe berading so:
  *"Narratiewe berading het een belangrike uitgangspunt: die persoon is nooit die probleem nie; die probleem is die probleem."*
  *Narratiewe berading is geïnteresseerd in die stories wat deur mense geleef word. Stories vorm die persoon se perspektief op die lewe, geskiedenis en sy toekoms.*
  *Narratiewe berading beskou die storie as die basiese eenheid van ervaring.*
  *Narratiewe berading beskou die mens as 'n betekeniskepper".*

Vervolgens kyk die navorser na die oorsprong van hierdie beradingswyse en wie die kosep "Narratiewe berading" geformuleer het.

## 3.3 Die oorsprong van die Narratiewe metafoor

Die Narratiewe benadering tot berading is in die vorige eeu reeds veral deur die werk van **Michael White** en **David Epston** eeu aan die beradingswêreld bekendgestel.

Volgens Nell (2000:13) is White en Epston "the most visible current representatives of the narrative approach which views reality as being akin to the reality of a story or narrative".

Freedman en Combs (1996:40) is van mening dat White en Epston daarin geslaag het om maniere van dink en werk te ontwikkel wat onderbroke stories van kliënte na vore bring. So kan nuwe betekenis daaraan gekoppel word deurdat die stories deel word van 'n effektiewe narratief wat funksioneer buite die dominante narratief.

White en Epston (1990:6) het ook intensiewe studies gedoen oor die werk van Milton Erickson. Alhoewel White en Epston Erickson in 1980 ontmoet het vir 'n werkswinkel wat gehandel het oor hipnose, het White en Epston meer by Erickson geleer oor die verhouding wat hy met sy kliënte het. Hulle het gehou van die manier waarop Erickson respek getoon het vir die ervarings van die mense wat na hom toe gekom het vir berading. "He cultivated a kind of therapeutic relationship that de-emphasized the therapist's professional, theoretical ideas and put a benevolent spotlight on people's particular situations. We wanted to further our ablities to do the same" (White & Epston, 1990:10).

'n Verdere idee wat van Erickson afkomstig is, is dat die mens se realiteit gekonstrueer word deur taal (White & Epston, 1990:12). Baie van Erickson se werk is gebou op die veronderstelling dat sekere taal tot gewysigde toestande of bewusthede by die kliënt kan lei. Erickson het dikwels gepraat van die belangrikheid van gepaste taal wat gebruik kan word om 'n meer werkbare (aanvaarbare) realiteit voor te stel wanneer 'n persoon hom kom sien.

Deur hulle studies het White en Epston (1990:15) meer geïnteresseerd geraak daarin om met hulle kliënte saam te werk as om probleme op te los. Daar is veral gekonsentreer op die stories van die kliënt wat nie die storie wat die probleem ondersteun nie (die positiewe dominante storie). Hierdie stories noem hulle "alternatiewe" stories. Wanneer mense dan hierdie alternatiewe stories begin uitlewe, het die resultate nuwe stories met nuwe toekomsvisie ingehou (White & Epston, 1990:16). Die volgende afdeling fokus verder op hierdie "alternatiewe stories" en die proses wat plaasvind.

Noudat die oorsprong van die Narratiewe metafoor ondersoek is, kyk die navorser na die proses wat plaasvind in die narratiewe benadering.

## 3.4 Die proses in die Narratiewe benadering

Die gebruik van die narratiewe metafoor lei die berader om te dink oor die kliënt se lewe en om saam met hom te werk om sy lewenstorie as betekenisvol en vervullend te beleef (Freedman & Combs, 1996:1).

Lynch (1997:11) is van mening dat die ontwikkeling van 'n betekenisvolle self-identiteit nie alleen by die mens self berus nie. Die kultuur en samelewing waarin die mens lewe, beïnvloed ook die manier waarop ons ons lewe interpreteer (Morgan, 2000:9). Die fundamentele aanname hier is dat persoonlike identiteit sosiaal gekonstrueer is. Die mens ontwikkel met ander woorde nie uit 'n private en onaangeraakte binne-bewustheid nie, maar eerder uit 'n proses van bespreking en onderhandeling met die mense wat rondom jou is. Hieruit word die taal, simbole en stories oor ons kultuur geïdentifiseer.

Hierdie storie word die persoon se **dominante storie** waaruit die persoon lewe. Die dominante storie bepaal watter ervarings wat deur die persoon beleef is, ingesluit gaan word en watter nie (Kotze, 1995:38; Lax, 1996:69). Sekere lewenservaringe word uitgelaat en dikwels vergeet (White, 1986:169; Freedman & Combs, 1996:30).

Freedman en Combs (1996:16) meen dat daar deur sosiale konstruktivisme verduidelik word hoe die interpretasie van ons wêreld moontlik plaasvind. Die samelewing konstrueer die "lens" waardeur ons na die wêreld kyk. Die realiteit wat ons as vanselfsprekend aanvaar, is die realiteit wat ons gevorm het van geboorte af. Hierdie realiteit kan deel wees van 'n **diskoers** wat gevorm word in die persoon se lewe deurdat hy sekere realiteite, wat die samelewing gekonstrueer het, as sy eie realiteit aanvaar.

Lowe (1991:45) verskaf die volgende definisie vir die begrip "diskoers":

> *"It is used to indicate a public process of conversation through which meanings are constituted. It refers to systematic and institutionalized ways of speaking, writing or otherwise making sense through the use of language."*

'n Samelewing heg waarde aan **sosiaal gekonstrueerde kennis** wat spesifieke betekenis aan ervarings koppel (Soal & Kottler, 1996:123-124). Volgens Parry en Doan (1994) word die persoon deur sosiaal gekonstrueerde kennis gedwing om op 'n sekere manier op te tree (dit is met ander woorde die sogenaamde "regte" manier van doen). Die persoon word dan 'n slagoffer en gyselaar van die sosiale diskoers (Ferreira & Botha, 1998:83).

'n "**Probleembeslissende konteks**" (die konteks waarin die probleem funksioneer) hou die persoon wat vir berading kom, vasgevang, en dit plaas beperkinge op sy lewe (Gottlieb & Gottlieb, 1996:40). Volgens Morgan (2000:14) versamel die persoon al hoe meer inligting wat sy eie narratief bevestig en word geleenthede waar die probleem oorwin is, al hoe minder sigbaar. Die persoon kan moontlik homself binne 'n dominante storie as die mislukking beskou en dink dat hy die oorsaak van die probleem is of selfs die probleem is.

O'Hanlon (1994:20) meen dat dit belangrik is om te onthou dat die mens meer is as die storie wat hy van homself vertel. Een storie kan nooit die mens se totale lewe omsluit of beskryf nie. Geen narratief inkorporeer alle aspekte van die lewe nie (Nicholson, 1995:23).

'n Aanname van die Narratiewe teorie is dat nie alle ervarings deur die mens in sy self-narratiewe opgesluit word nie. Bruner (1986a:143) sê:

> *"Narrative structures organize and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience not fully encompassed by the dominant story."*

White (1991:2) sluit by Bruner (1986a:24) aan deur gebruik te maak van die metafoor "maps": dat al die dele van 'n streek nie noodwendig te vind is op die kaart wat daardie streek voorstel nie. In die Narratiewe benadering is dit metafories vir die stories wat in die persoon se lewe voorkom. Daar is ervarings wat die persoon al beleef het wat hy *buite* sy dominante storie laat "leef" omdat hy dit nie soveel seggenskap in sy lewe gee soos die dominante storie nie. White (1991:3) verwys na hierdie ervarings wat buite die persoon se dominante storie voorkom, as "**unique outcomes**". Unieke uitkomste is volgens Freedman en Combs (1996:124):

> *" ... those experiences that lie outside of the problem-saturated narrative and would not be predicted by it."*

Parry en Doan (1994:17) verwys na unieke uitkomste as daardie gebeure wat tot nou toe verwaarloos of oorgesien is omdat die probleem nie die persoon gedomineer het nie. Die bestaan van hierdie "unique outcomes" kan dikwels nie voorspel word wanneer daar na die persoon se dominante storie gekyk word nie. Die unieke uitkomste in 'n persoon se lewe kan vir die persoon aandui dat hy wel die vermoë het om in beheer van sy lewe te staan, in stede van die probleem. Deur hierdie kennis – dat die persoon nie hoef toe te laat dat die probleem hom beheer nie – kan die persoon 'n nuwe **alternatiewe storie** oor homself opbou. Die ervarings wat voorheen nie gestorie is nie, kan uitgelig word en daar kan nuwe betekenis aan hierdie stories gegee word deurdat die persoon bou aan 'n nuwe, meer aanvaarbare narratief/storie (Freedman & Combs, 1996:40; White & Epston, 1990:14-16; Nicholson, 1995:23). Freeman *et al.* (1997:2) is van mening dat dit soms moeilik is om te glo dat gesprekke nuwe realiteite in 'n persoon se lewe kan help vorm.

*"If we accept that persons organize and give meaning to their experience through the storying of experience, and that in the performance of these stories they express selected aspects of their lived experience, then it follows that these stories are constitutive - shaping of lives and relationships."* (White & Epston, 1990:12).

Die berader wat van die Narratiewe metafoor gebruik maak, kan 'n besonderse rol speel in die lewe van die persoon wat vir berading aanmeld. Vervolgens verwys die navorser hierna.

## 3.5 Die beradingsproses in Narratiewe berading en die rol van die berader

In hierdie afdeling word daar aandag gegee aan die beradingsproses wat plaasvind in die narratiewe benadering en die rol wat die berader speel binne hierdie wyse van berading.

Lynch (1997:11) is van mening dat die beradingsproses iets is waarin die berader soek na herforming van die kliënt se narratief, geloof en visie van 'n lewe in 'n spesifieke gemeenskap.

Vir 'n berader wat vanuit die Narratiewe metafoor werk, is dit baie belangrik om te luister na mense se stories as stories (Freedman & Combs, 1996:43). Volgens Freeman et al. (1997:44) impliseer die term "narratief" dat daar geluister word na mense en dat daar 'n vertelling en her-vertelling van mense en die stories in hul lewens plaasvind.

Anderson en Goolishian (1988) sluit aan by Mclean (1997:20) wanneer hulle sê die strewe na 'n oop terapeutiese ruimte is waar die terapeut die persoon beskou as die kenner van sy eie lewe en lewensverhaal. Deur hierdie tipe gesprekvoering, wat geleidelik losraak en oopmaak eerder as om besprekinge en geslotenheid te bewerkstellig, werk die kliënt en berader saam aan nuwe narratiewe, of "not-yet-said" stories.

Freedman en Combs (1996:44) meen die berader werk vanuit 'n "not-knowing"- posisie. Anderson en Goolishian (1996:25-39) verwys na die nie-weet-nie-posisie as 'n gesprekshouding van nuuskierigheid waar die berader bereid moet wees om sy kennis uit die pad te skuif . 'n

"Not-knowing"- posisie beteken nie "ek weet niks" nie, maar impliseer dat daar nie vrae gevra word met spesifieke antwoorde in gedagte nie.

Lynch (1997:11) is van mening dat berading 'n proses is waarin die berader en die kliënt die ervaring van die kliënt bespreek in die hoop om 'n positiewe verandering teweeg te bring in die kliënt se lewe. Die berader is nie 'n objektiewe waarnemer nie, maar werk eerder as vennoot saam met die kliënt (Ferreira & Botha, 1998:84).

Binne die vennootskap tussen die kliënt en die berader word daar gesoek na elemente binne die kliënt se storie wat ontvanklik is om uitgedaag en geherdefinieer te word (Coulehan *et al.*, 1998:18). Soal en Kottler (1996:133) sluit by Coulehan *et al.* aan en beklemtoon die belangrikheid daarvan om die negatiewe, dominerende diskoers uit te daag, aangesien dit bydra tot die probleemdeurdrenkte narratief.

Ferreira en Botha (1998:83) voer aan dat die kliënt tydens die narratiewe gesprek die geleentheid gegee word om sy storie te vertel en weer te vertel totdat daar uiteindelik **herinterpretasie** en **rekonstruksie** plaasvind. Gottlieb en Gottlieb (1996:42) sluit aan by die siening van Anderson en Goolishian (1996) dat, deur middel van gesprekvoering dat nuwe stories geskep word in Narratiewe berading en die geskiedenis van die kliënt so herskryf kan word.
Die narratiewe gespreksproses kan in twee sentrale temas verdeel word, naamlik:

- die dekonstruksie van die probleemdeurdrenkte storie, en
- die rekonstruksie van 'n meer aanvaarbare narratief.

Vervolgens word hierdie twee temas deur die navorser bespreek.

### *3.5.1. Dekonstruksie van die probleemdeurdrenkte storie*

Dekonstruksie word deur Nicholson (1995:24) beskryf as:

> *"A process by which the dominant restraining narrative is unmasked and re-examined from a new angle."*

White (1991:27) se siening van dekonstruksie is:

*"According to my rather loose definition, deconstruction has to do with procedures that subvert taken-for-granted realities and practices: those so-called "truths" that are split off from the conditions and the context of their production; those disembodied ways of speaking that hide their biases and prejudices; and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating of persons' lives."*

Deur middel van **dekonstruksie** wil die berader en die kliënt die konteks waarin die probleem gesetel is, ontleed en beter verstaan sodat ruimte geskep kan word vir alternatiewe begrip (Anderson & Goolishian, 1989:11). Nicholson (1995:24) se standpunt is dat daar deur die proses van dekonstruksie 'n naam gegee word aan die probleemdeurdrenkte storie van die kliënt. So word die persoon se identiteit van die probleem geskei. Morgan (2000:17) en Doan (1997:131) is albei van mening dat hierdie skuif van die Narratiewe berading die milieu skep dat die persoon nie meer as die probleem gesien word nie, maar dat die probleem as die probleem gesien word.

Volgens White en Epston (1990:38) gaan Narratiewe berading van die standpunt uit dat 'n persoon nie die probleem is nie, maar dat die probleem die probleem is. So word daar ook gebruik gemaak van eksternalisering (White, 1988). Die probleem word gesien as 'n *afsonderlike entiteit buite die persoon* of verhouding (White & Epston, 1990:38). Freedman en Combs (1996:47) se siening hieroor is dat hul eksternalisasie ervaar as 'n praktyk wat ondersteun word deur die siening dat 'n probleem iets is wat werk in 'n persoon se lewe, apart en afsonderlik van die persoon. White en Denborough (1998:3) verwys soos volg na eksternalisering:

*"Externalizing practices involve a refusal to see problems as internal to people."*

Die voordeel van "eksternalising" is dat dit nie fokus op wie of wat die probleem veroorsaak of is nie, maar eerder dat eksternalisering die persoon van die probleem skei, om so te kyk waar die persoon se lewe teruggeneem kan word van die probleem (Potgieter, 2000:47).

O'Hanlon (1994:26) beskou eksternalisering as 'n proses wat deurlopend herhaal moet word " ... *until it is clear it has 'taken' in the person's life."* Eksternalisering is meer as net 'n tegniek; dit is die houding en ingesteldheid van die berader tot die gesprek (Roth & Epston, 1996:5).

Hierdeur word daar afstand geskep tussen die persoon en die probleem, en verander die rol van die persoon van 'n slagoffer na 'n probleemoplosser (Ferreira & Botha, 1998:89).

White & Denborough (1998:3) sê dat die persoon nou in 'n posisie is om standpunt in te neem teen die probleem en oor te gaan tot aksie. Volgens White en Epston (1990:39-40) is daar 'n hele paar voordele van eksternalisering:

- dit verminder onnodige konflik tussen mense, veral die twis en tweedrag wat voorkom wanneer mens wil uitvind wie te blameer is vir die probleem;
- dit ondermyn die gevoel van mislukking wat ontwikkel as gevolg van die probleem wat die persoon ervaar, ten spyte van pogings om dit te probeer oplos;
- dit spoor samewerking tussen mense aan teen die probleem, en skep ontsnaproetes weg van die invloed van die probleem;
- dit skep nuwe moontlikhede vir die persoon om op te tree teen die probleem en sy lewe terug te neem uit die kloue daarvan
- dit bevry die persoon om 'n ligter, meer effektiewe en minder spanningsbelaaide benadering tot ernstige probleme te neem; en
- dit voorsien opsies vir dialoog, eerder as monoloog, oor die probleem.

Morgan (2000:24) sê dat die persoon se vermoëns, bekwaamhede, belange en vaardighede sigbaarder word wanneer hy losgemaak word van sy probleme. Die persoon neem *eienaarskap* van sy lewe en kan nou die skrywer wees van sy eie lewe en lewensverhaal (Ferreira & Botha, 1998:78). Eksternalisering gee dus moed en hoop aan die persoon. Dit verminder die gevoel van blaam en skuld, maar die kliënt behou steeds sy verantwoordelikheid.

Wanneer dekonstruksie van die probleemdeurdrenkte narratief plaasgevind het, word gewerk aan *rekonstruksie*, om 'n meer aanvaarbare alternatiewe narratief te verkry. Vervolgens kyk die navorser na die proses van rekonstruksie.

### *3.5.2. Rekonstruksie van 'n meer aanvaarbare narratief*

Nadat die probleemdeurdrenkte narratief gedekonstrueer is, word 'n **alternatiewe,** meer aanvaarbare narratief **gerekonstrueer**. Dit beteken dat die elemente wat buite die persoon se storie

staan, wat bekend is as unieke uitkomste, uitgelig word en gebruik word om 'n nuwe, meer aanvaarbare storie uit te bou.

Muller (1996:134) verduidelik dat die proses waarin die alternatiewe storie geskryf word as rekonstruksie bekendstaan. Hy meen: "Rekonstruksie van die toekomsvisie is 'n kragtige middel tot verandering in die hede."

Die soeke na **unieke gebeure** (gebeure wat buite die negatiewe dominante storie aangetref word) in die kliënt se probleemdeurdrenkte storie kan help in die skep van alternatiewe stories. Die kliënt kan nou vasstel waar hy dit reggekry het om nie toe te laat dat die probleem sy lewe ontwrig nie (Ferreira & Botha, 1998:90).

Soos voorheen genoem sê Parry en Doan (1994:17) tereg dat unieke uitkomste daardie gebeure is waar die persoon nie deur die probleem gedomineer is nie, wat tot nou toe nog oorgesien en selfs verwaarloos is. Die **unieke uitkomste** is vir die kliënt 'n aanwysing dat hy wel die vermoë besit om in beheer van sy lewe te staan en nie die probleem nie.

Deur die stories wat die persoon voorheen vertel het, kan mens bespeur dat die uitsig op sy toekoms belemmer is. Ferreira en Botha (1998:78) meen dat die huidige situasie vir die persoon nie onleefbaar en problematies hoef te wees nie. Stories van die persoon kan herskryf word en die verlede, hede en toekoms gedekonstrueer word deur narratiewe vrae te vra (Gottlieb & Gottlieb, 1996:44).

White en Epston (1990:47) sê tereg dat die vrae wat gevra word die persoon help om nuwe betekenis in sy lewe te vind, en dat dit mag lei tot die herskryf van sy lewenstorie en verhoudings. Deur narratiewe vrae word die kliënt bewus van inligting wat die probleemdeurdrenkte storie weerspreek. Ferreira en Botha (1998:90) meen dat die kliënt nou ook kan vasstel waar hy dit reggekry het om nie toe te laat dat die probleem sy lewe ontwrig nie. Hierdie vrae bring die vermoë van die kliënt na vore om die probleem te beïnvloed (White & Epston, 1990:45).

Deur middel van vraagstelling, wat op die goeie kwaliteite van die kliënt fokus, kan 'n nuwe realiteit ontwikkel word (Ferreira & Botha, 1998:90). Nuwe moontlikhede word dus sigbaar (Morgan, 2000:24). White en Epston (1990:27-32) is van mening dat die alternatiewe storie nie

inpas in die dominante storie nie omdat dit nie raak gesien word nie en dit saam met die kliënt se positiewe eienskappe verwerp word.

Moontlike vrae kan wees:

- "Wat sê dit van jou dat jy dit regkry om woede nie toe te laat om jou lewe te regeer nie?"
- "Hoe was dit vir die klein kabouter moontlik om die groot beer te oorwin?"
- "Hoe het jy dit reggekry dat vrees jou nie baasgeraak het om tot in Johannesburg te bestuur nie?"

In die soektog na 'n alternatiewe storie kry die kliënt te doen met twee landskappe, naamlik **landskap van aksie** en **landskap van identiteit** (White, 1991:30-31). Vervolgens 'n paar gedagtes oor hierdie twee belangrike aspekte binne die narratiewe beradingsmilieu.

**Landskap van aksie** verwys na gebeure in die persoon se lewe waaruit 'n nuwe, alternatiewe storie sou kon ontwikkel (White & Epston, 1990:15). Kotze (1995:56) verwys na "landskap van aksie"-vrae as : "the sequences of behavior about particular events in people's lives."

**Landskap van identiteit** konsentreer op die motiewe, gelowe, kenmerke en waardes wat die beskrywing van ons stories beïnvloed (Gottlieb & Gottlieb, 1996:44). Landskap van identiteit word deur Freedman en Combs (1996:98) soos volg beskryf:

> *"By landscape of consciousness we refer to that imaginary territory where people plot the meanings, desires, intentions, beliefs, commitments, motivations, values and the like the relate to their experience in the landscape of action."*

"Landskap van aksie"-vrae word gebruik om unieke uitkomste te identifiseer binne die verloop van gebeure in die persoon se lewe (Potgieter, 2000:52). "Landskap van identiteit"-vrae word weer gebruik om die betekenis te bepaal wat die persoon aan hierdie unieke uitkomste heg (White, 1991:127).

Nadat die kliënt besef dat daar wel 'n alternatiewe storie bestaan buiten die negatiewe dominante storie wat hy eers gehad het, kan hy leer dat hy hierdie positiewe dominante storie kan gebruik as verwysing vir die toekoms.

## 3.6. Samevatting

In **hoofstuk 3** is gekyk na die Narratiewe metafoor en hoe die Narratiewe benadering gesien kan word as 'n uitvloeisel binne die postmoderne paradigma, en hoe dit kan aansluit by die beradingsproses van 'n Narratiewe berader.

Daar is gekyk na die **proses** wat in Narratiewe berading plaasvind met die fokus dat daar in terme van stories en in terme van kultuur en die gemeenskap gedink word eerder as in terme van sisteme (Freedman & Combs, 1996:18). Die beradingsproses en die **rol** van die narratiewe berader is ondersoek. 'n Narratiewe berader strewe na 'n respekterende, nieblamerende benadering tot berading en beskou die kliënt as die **kundige** van sy lewe (Morgan, 2000:2). Daar is ook klem gelê op die siening dat die *persoon* nie die probleem is nie, maar dat die *probleem* die ***probleem*** is. Roth en Epston (1996:5) sluit hierby aan as hulle sê:

> *"In contrast to the cultural and professional practice of identifying the person as the problem or the problem within the person, this work depicts the problem as external to the person."*

Vervolgens sal daar in hoofstuk 4 kennis gemaak word met spelberading met sand, die agtergrond van spelberading met sand en die beradingsproses van 'n berader wat van spelberading met sand gebruik maak.

## –HOOFSTUK 4–

# SPELBERADING MET SAND

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die agtergrond van spelberading met sand en hoe dit tot stand gekom het. Die navorser ondersoek hierdie beradingswyse sodat die leser 'n goeie agtergrond oor hierdie benadering kan verkry en die werkswyse van hierdie benadering kan verstaan. Die pioniers wat betrokke was by die totstandkoming van spelberading met sand sal aan die leser voorgestel word en die toerusting wat benodig word om sandwerk te kan doen sal bespreek word. Ten slotte word aandag gegee aan die proses van spelberading met sand, asook die rol van die berader.

## 4.2 Inleidende gedagtes oor spelberading met sand

Soos reeds genoem, word verskillende terme gebruik om na spelberading met sand te verwys, naamlik: sandspel, sandkasterapie, sandwêreld en ook "world technique" (Anon, 1998:1). Sand-kasterapie kyk na verskillende wyses van werk met sand. 'n Voorstander van hierdie vorm van terapie is Gisela De Domenico (Anon, 1999:1). Sandkasterapie nooi almal uit om deel te word van hierdie interessante werkswyse. Die doel van sandkasterapeute is:

- om die verskillende maniere waarop sand gebruik kan word, bekend te stel;
- om die gebruik van die sandkas te wend tot voordeel vir die hele gemeenskap;
- om die sandkasterapie te implementeer in 'n verskeidenheid situasies;
- om die gebruik van die sandkas te ondersoek, veral as 'n kommunikasiemiddel tot die oorbrugging van etniese en kultuurstruikelblokke (Anon, 1999:2).

Margaret Lowenfeld, 'n Jungiaanse terapeut, ontwikkel sandspelterapie, 'n verdere vorm van terapie (Sandplay Therapists of America, 2001:1). Hierdie terapeutiese wyse verlang gespesialiseerde opleiding en die korrekte kwalifikasies. Belangstellendes moet onder andere bewyse van die volgende kwalifikasies hê: universiteitsopleiding in 'n mediese rigting, sielkunde, pedagogie, teologie, kliniese sosiale werk of huweliks- en- gesinsberading; kennis van psigopatologie, psigodiagnose en psigoterapie is nodig (Sandplay Therapists of America, 2001:1). Die resultaat van die opleiding sal die persoon in staat stel om lid word van die "Sandspelterapeute van Amerika" en die "Internasionale Gemeenskap vir Sandspelterapeute", waarvan Dora M. Kalff die stigter is (Sandplay Therapists of America, 2001:1).

Volgens Hunter (1998:39) is spelberading met sand 'n holistiese proses wat teenoorgestelde pole bymekaarbring. Hunter (1998:39) stel dit as volg:

> *"Sandworlds express both distress and coping, difficulties and strengths destruction and reconstruction, concurrently releasing feelings and activating inner resources."*

Bradway et al. (1981:3) se siening van spelberading met sand is:

> *"It emphasises the spontaneous and dynamic qualities of the creative experience itself. The essence of sandplay is non-verbal and symbolic."*

In sandspel kan kinders en volwassenes met sand, water en miniatuurobjekte speel en so konkrete manifestasies konstrueer van hul binnewêreld. Die doeltreffendheid van sandspel lê in die skep van die "sandprent" self as 'n vorm van die kliënt se verbeelding (Bradway et al., 1981:3).

Vir die doel van hierdie studie verkies die navorser om van die term **spelberading met sand** te praat, verwysende na al die voorafgaande uitgangspunte as geheel. Laasgenoemde sluit aan by die postmodernistiese teorie wat nie 'n spesifieke "term" of teorie wil uitsonder as outonoom nie, maar die geheelbeeld wil bespreek en omskryf.

Pearson en Wilson (2001:1) verduidelik wat spelberading met sand is:

> *"Sandplay is a hands-on, expressive counselling that has been in use for well over fifty years. It has been used with children, adolescents and adults in schools, hospitals, welfare agencies and private counselling practices. It forms a bridge between verbal therapy and the expressive therapies, combining elements of both."*

Spelberading met sand word beskryf as 'n emosionele vorm van geïndividualiseerde uitdrukking van die inter- en intrapsigiese wêreld van 'n mens. Hierdie uitdrukking laat die kliënt toe om aan sy interne wêreld uiting te gee in die sandkas (Carmichael, 1994:1). Hunter (1998:39) sluit hierby aan deur te sê: "In a very real way, you can see your feelings and touch your thoughts." Volgens Hunter (1998:39) word emosies nie net uitgedruk nie, maar hulle raak meer konkreet en kan makliker deur die kliënt herevalueer word in die sandkasteorie.

Dora Kalff (1981:vi) se siening oor die proses van spelberading met sand is:

> *"Sandplay constitutes in itself a method whereby the individuation process is lived through and expressed."*

Die kommunikasie en **nie-verbale** terugvoer, asook intensiewe deelname van die kliënt in spelberading met sand help die kliënt om situasies wat vir die kliënt van groot waarde is vir die terapeut duidelik te maak (Hunter, 1998:40; Ryce-Menuhin, 1992:4).

Spelberading met sand is 'n unieke beradingsmetode wat werk deur 'n onbewustelike en natuurlike proses. Spel is 'n vorm van uitdrukking en skep 'n atmosfeer wat 'n persoon herinner aan sy kinderdae toe hy ongestoord in sand kon speel. Dundas (1990:2) doen sy navorsing oor spelberading met sand met paartjies. Hy meen dat volwassenes, deur kreatiewe spel, 'n geleentheid gegee kan word om hulself uit te druk deur beelde en simbole in sand. Deur hierdie simboliese uitdrukking word duidelikheid verkry oor verskeie elemente wat vir die kliënt wat vir berading kom, van belang is.

## 4.3 Die agtergrond van spelberading met sand

Vervolgens kyk die navorser na 'n paar pioniers van spelberading met sand, en veral hoe hulle van mekaar verskil het ten opsigte van die interpretasie van die kliënt se werk al dan nie.

Carl Jung (1965:3) lewer 'n bydrae tot die vroeë vorme van spelberading met sand, wat beskryf word in sy outobiografie *Memories, Dreams, Reflections*. So vroeg soos 1912 het Jung 'n miniatuurdorpie saamgestel uit klippies en rotse wat hy in 'n rivier opgetel het. Dit het gelei tot 'n stroom fantasieë wat hy later neergeskryf het. Hierdie ervaring het ook 'n direkte bydrae gelewer tot sy werk en ander teorieë wat hy gedoen het, byvoorbeeld die argetipe-vlakke, wat een van die groot redes was vir sy wegbeweeg van Freud se benadering tot terapie (Ryce–Menuhin, 1992:6; Weinrib, 1983:6).

Margaret Lowenfeld se bydraes oor spelberading met sand volg kort na die van Jung. Lowenfeld het in 1925 in Londen met psigiatriese behandeling van kinders begin. In 1939 word Lowenfeld beïnvloed deur 'n boek van H.G. Wells (1911), *Floor Games*. Wells het hierin die gebruik van miniatuurobjekte en karakters verduidelik, wat gebruik is om op die vloer 'n verhoog te skep waar dramatiese, verbeeldingryke spel tussen Wells en sy seuns plaasgevind het (Carmichael, 1994:1; Weinrib, 1983:7; Ryce-Menuhin, 1992:3).

Lowenfeld besluit om Wells se vorm van dramatiese spel te volg en 'n dimensie van sand in 'n metaalkas by te voeg (Carmichael, 1994:1). Lowenfeld noem dit "The Wonder Box" en sy plaas haar objekte (miniatuurobjekte wat verteenwoordigend is van alles wat 'n mens in die elkedagse lewe kan kry) in 'n kabinet waar kinders later self spontaan die nuwe tegniek skep waarin "wêreldprentjies" gemaak word in klein sandbakke. "Wêreldprentjies" is die uitbeelding van die kind se bestaan of situasie soos dit op daardie tydstip beleef word. So het Lowenfeld 'n medium gekry wat aantreklik is vir kinders, volwassenes en terapeute. Dit is 'n weg tot kommunikasie en die deel van innerlike ervarings (Ryce-Menuhin, 1992:4; Carmichael & Echols, 1997:5).

Lowenfeld sien spelberading met sand as 'n unieke wyse van berading. In Van Dyk se voordrag wat sy gelewer het by 'n konferensie, deel sy Lowenfeld se teorie oor "pre-verbale denkwyse". "Pre-verbale denkwyses" was die term wat Lowenfeld gebruik het vir die ontdekking wat sy gemaak het oor die mens se verstand. Sy het geglo dat die spelberading met sand 'n ander manier

van dink tot gevolg het as rasionele denke. Sy was besig om te verwys na wat vandag as "regter-brein-denke" bekend staan, iets wat nog nie gedefinieer was in die vroeë dertigs nie. Lowenfeld was van mening dat 'n baba in prentjies dink voor die verwerwing van taal. Sy noem hierdie teorie "pre-verbaal", wat ooreenstem met die teorie wat vandag verstaan word as "regterbrein-denke", wat onlogies, nie-rasioneel en intuïtief is. Sy was oortuig daarvan dat kreatiewe skrywers, kunstenaars en musikante terugkeer na hierdie denkwyse wanneer hulle kunswerke skep (Van Dyk, 2000:1).

Van Dyk (2000:1) meen verder dat Lowenfeld se gunstelingvoorbeeld as stawing van haar argument – dat kunstenaars terugkeer na "pre-verbale denkwyse" – die van die kunstenaar Chagalle is. Sy werk bestaan uit mense wat vlieg en diere wat verskyn in droomagtige reekse. Niks is rasioneel of logies van aard nie. "Pre-verbale denkwyse" het sy eie stel reëls. Konsepte word saam voorgestel, hulle is multi-dimensioneel en daar is geen tyd of ruimte nie. Wanneer daar uit hierdie perspektief na kliënte se sandwerk gekyk word, word daar besef dat daar 'n "pre-verbale denkwyse" in die konstruksie van sandwerk gebruik word.

Die proses om hierdie vorm van taal te leer verstaan, kan vergelyk word met die proses om drome te leer verstaan. Daar is 'n basiese element hier ter sprake. Daar word volgens Lowenfeld in beelde gedroom, en drome het 'n ander tipe logika. Die werk van die skrywer Proust is 'n volgende voorbeeld van "pre-verbale denkwyse". Hy droom van 'n tuin waarin hy loop en dan skielik iets ruik of sien, en dit herinner hom aan 'n spesifieke oomblik waar tas, reuke, smaak, beweging en sig gekombineer word. Hierdie is dieselfde as die ervaring van 'n jong kind. Lowenfeld was oortuig daarvan dat kinders nie die vermoë het om hul ervarings in woorde om te sit nie, maar dat hulle dit kan oordra in spelberading met sand.

Volgens Van Dyk (2000:2) het Lowenfeld geen vertroue gehad in die resultate van verbale kommunikasie nie. Sy het verder geglo dat "pre-verbale denkwyse" in hoofsaak individueel was en dat die betekenis van byvoorbeeld 'n wit bul spesifiek die van die sandbouer is. Om hierdie rede was sy versigtig om die betekenis of die plasing van 'n figuur uit te lok.

Daar is ook verskeie ander beraders wat van spelberading met sand as terapeutiese medium gebruik gemaak het. Dora Kalff, 'n Jungiaanse analis, het ook saam met Lowenfeld gewerk. Kalff het sekere verbeteringe in gedrag opgemerk wat voorkom by kinders wat bou in die sand.

Sy het gesien dat kinders wat deur middel van spelberading met sand gehelp word, vinnig aanpassings maak in hul bestaande probleme. Sy het gevoel dat dit amper soos 'n proses is wat plaasvind met min deelname van haar kant af (Carey, 1999:21; Weinrib, 1983:8).

Volgens Carey (1999:21) noem Kalff die sandbak "*the free and protected space*" of "*the place of healing*". Sy maak geen aannames oor wat sy observeer nie en het 'n nie-verbale benadering. Die doel is om niks te sê wat mag inmeng met die kind se proses van ontwikkeling nie. Hunter (1998:41) sluit hierby aan as sy sê dat spelberading met sand die "verbale sensor" van kliënte en beraders kan vermy. Dit is die teenwoordigheid van die berader, die dimensies van die sandkas en die miniatuurobjekte wat 'n vry en beskermde omgewing vir genesing skep (Hunter, 1998:41).

Melanie Klein (1995:7) se spelberading met sand is psigoanalities gebaseer. Sy het speel as 'n vrye-assosiasieproses gesien en het geglo dat dit oop was vir interpretasies deur die berader.

Anna Freud (1946) se werkswyse het volgens Carey (1999:38) verskil van die van Klein deurdat sy eerder direkte interpretasie van die kliënt se spel in sand vermy het. Sy het verkies dat die kliënt sy eie observasie maak wanneer hy reg is daarvoor. Klein, Freud en Lowenfeld het in Londen gepraktiseer in die vroeë 1920's en 1930's (Carey, 1999:38).

Volgens Carey (1999:39) is Ibrahim Orgun ook 'n latere baanbreker in sandwerk. Hy het voorgestel dat beradingsessies in 'n speelkamer gehou word eerder as in 'n kantooropset. Hy het opgelet dat kinders onder tienjarige ouderdom gemakliker voel in speelkamers en dat volwassenes meer gewillig is om met kinders te kommunikeer in hierdie opset. Orgun meen dat ontmoetings in 'n kantoor die angsvlak van 'n kind (en dikwels ook volwassenes) verhoog (Carey, 1999:39).

Dit is belangrik dat 'n kliënt gemaklik voel in die ruimte waarin die berading plaasvind. Volgens Kalff (1981:viii) is dit die berader se taak om so 'n ruimte te skep, 'n ruimte waarin die kliënt geheel en al vry en veilig voel, beskerm deur die berader, en waarin die grense van die kliënt moet erken word.

Kalff (1981:viii) sê self:

> *"In this protected situation, the analytical process progresses towards a union of opposites through the act of playing. I therefore gave this method the name '**sandplay**'."*

Noudat die leser kennis gemaak het met die pioniers van spelberading met sand, is dit nodig om te weet watter toerusting nodig is om op hierdie unieke wyse berading te kan doen.

## 4.4 Die toerusting in sandwerk

Om spelberading met sand met 'n kliënt te kan doen word sekere toerusting benodig. Vervolgens word hieraan aandag geskenk.

Wat eerstens benodig word, is twee **sandkaste** van mates 76 x 50 x 7 sentimeter. Die mates van die sandkas is vasgestel deur Dora Kalff wat sê:

> *"This size tray also provides a symbolic container for the expression of any number of thoughts and feelings, thereby limiting the scene to what the psyche can realistically handle at one time"* (Carey, 1999:59).

Elkeen van die sandkaste moet halfpad gevul word met sand en heuphoogte geplaas word. Die rede vir twee sandbakke is sodat een met nat sand en die ander met droë sand gevul word. Die kliënt besluit self of hy met nat of droë sand wil werk (Carey, 1999:58; Ryce-Menuhin, 1992:5; Homeyer & Sweeney, 1998:26). Die sand moet met growwe sout gesteriliseer word om die oordra van kieme of organismes te voorkom. Die tekstuur van die sand kan wissel van fyn tot growwe sand, maar moet 'n natuurlike kleur hê om die aardse eienskap van die sand te behou wat nodig is vir die gevoel van vrylik speel in die sand. Die rede waarom dit juis natuurlike sand moet wees, is dat die mens se konneksie met die aarde fundamenteel is. Carey (1999:xi) sê tereg:

> *"As we connect with the sand we cannot help but feel the connection to the spirit within and the creation without."*

Die bodem van die sandkas moet met waterdigte blou verf geverf word. So kan dit blou water of lug voorstel wanneer die sand weggeskuif of opgehoop word (Carey, 1999:59; Weinrib, 1983:11; Hunter, 1998:29).

Honderde **miniatuurobjekte** wat op rakke geplaas is, moet beskikbaar wees vir die bou van sandprentjies in die sand (Weinrib, 1983:11; Homeyer & Sweeney, 1998:34). Die miniatuurobjekte moet in groepe of kategorieë op rakke geplaas word. Miniatuurobjekte is klein weergawes van alles wat in die elkedagse bestaan voorkom, byvoorbeeld woongebiede, huise, plase, nywerhede, sportareas, alles waaraan 'n mens moontlik kan dink. Carey (1999:60) meen dat daar 'n groot hoeveelheid miniatuurobjekte moet wees sodat daar baie moontlikhede is om die kliënt se binnelewe te simboliseer. Dit moet so ver moontlik alles insluit wat deur die lewe of verbeelding verteenwoordig kan word. Voorbeelde van miniatuurobjekte is wilde diere, visse, voëls, skulpe, motors, treine, bote, vliegtuie, brûe, geboue, kerke, tempels, werksimplemente, blomme, menslike figure, volwassenes asook kinders van verskillende nasionaliteite, ras en geslag (Weinrib, 1983:11; Hegeman, 2001:1).

Homeyer en Sweeney (1998:32) gee riglyne waarvolgens die miniatuurobjekte gekies kan word:

- die miniatuurobjekte hoef nie volgens skaal by mekaar aan te sluit nie;
- die mense wat gebruik word, moet die verskeidenheid etniese groepe verteenwoordig;
- die miniatuurobjekte kan van 'n verskeidenheid materiale gemaak word, miniatuurobjekte van allooi is ook bruikbaar.

Volgens Homeyer en Sweeney (1998:53) kan 'n basiese sandkasstel die volgende objekte insluit:

❑ ***Mense***

- families – 2 of meer
- babas – 4 (verskillende posisies, indien moontlik)
- bruid en bruidegom
- beroepe (polisiemanne, brandweermanne, konstruksiewerkers, ensovoorts)
- weermag – 16 of meer
- ruimtevaarders of ridders

- ***Diere***
  - dinosourus – 4
  - dieretuin – (leeus, kameelperde, sebra's, olifante) – 6 tot 8
  - huishoudelik– (koeie, perde, skape) – 6 tot 8
  - insekte, spinnekoppe, slange
  - seediere

- ***Plante***
  - bome – 2 tot 4

- ***Geboue***
  - huise – 2
  - skool
  - vuurtoring
  - kasteel, fort

- ***Voertuie***
  - motors – 4
  - vragmotors – 2
  - vliegtuig – 1
  - boot – 1
  - helikopter – 1

- ***Heinings en tekens***
  - heinings – 12
  - verkeerstekens
  - verskansings

- ***Natuur-elemente***
  - seeskulpe – 6 tot 10
  - plante
  - rotse – 5 tot 6, gewoon en gepoleer
  - nagemaakte goud

- kristalle

- ***Fantasie***
- towenaar
- feëtjie
- drake – 2
- monsters – 4 tot 6
- strokiesprentkarakters – 4

- ***Spiritueel/mistiek***
- engele
- kruis
- Boeddha
- Madonna
- klein spieël

- ***Landbakens en ander elemente***
- fontein ("wishing-well")
- brug
- skatkis
- skat
- kanon
- vlae

- ***Huishoudelike items***
- meubels
- gereedskap
- bier- en wynbottels
- asblik
- posbus
- windmeul

Daar moet genoeg rakspasie in die vertrek wees sodat die miniatuurobjekte in kategorieë geplaas kan word. Die kategorieë van die miniatuurobjekte moet altyd op dieselfde plek in die rakke geplaas word. Die rede hiervoor is dat wanneer die kliënt van een sessie na die volgende beweeg, die kategorieë dieselfde bly en dit die kliënt in staat stel om die miniatuurobjekte wat hy graag wil gebruik, maklik te kies (Homeyer & Sweeney, 1998:44; Carey, 1999:60).

Homeyer en Sweeney (1998:44) gee 'n voorbeeld van hoe die miniatuurobjekte georganiseer moet word vir die kliënt se gebruik soos dat die spirituele en mistieke items bo-aan die rak geplaas moet word. Die objekte moet dan geplaas word van positief of "goed" eerste, na meer neutraal, en dan die "bose" of negatiewe items laaste. Die mense kom op die volgende rak. Die meer magtige en aggressiewe mense word aan die regterkant geplaas, byvoorbeeld die dokters, polisie- en brandweermanne. Die meer neutrale items word in die middel geplaas. Die huishoudelike items is volgende. Die kategorie word gerangskik vanaf die mense, en dan die item wat hulle gebruik in hul verskillende beroepe (Homeyer & Sweeney, 1998:45; Carey, 1999:60).

Volgende word die geboue geplaas. Huise op linkerhand, tronke en forte regs, terwyl die ander strukture dan verder na regs geplaas kan word. Die plante kan dan geplaas word vanaf lente na winter (Homeyer & Sweeney, 1998:45).

Die landbaken-gereedskap is volgende, met die natuurlike items wat volg. Hierna word die diere geplaas. Dit is gewoonlik die kategorie met die meeste items. Huishoudelike en/of mak diere is op linkerhand, die meer agressiewe diere is aan die regterkant, byvoorbeeld die leeus, tiere, dinosourusse. Al die dieretuin-diere is dan in die middel. Dan volg die heinings, tekens, voertuie, fantasie-elemente en strokiesprentkarakters (Homeyer & Sweeney, 1998:45).

Hierdie rangskikkingsformaat help die kliënt om die items wat hy nodig het makliker te kry. Voorts help dit die berader om objekte vinniger op te stel en makliker op te ruim na 'n sessie (Homeyer & Sweeney, 1998:46).

Beraders wat nie oor genoegsame rakspasie beskik nie, kan van mandjies gebruik maak (Homeyer & Sweeney, 1998:48). Daar word 'n mandjie vir elke kategorie gebruik. Die rakspasie wat wel tot die berader se beskikking is, kan gebruik word vir die meer breekbare items. Die wat

oorbly kan dan in die mandjies gesit word om plek te bespaar. Dit is ook belangrik dat die kliënt wat in die sandbak bou, genoeg spasie het om te beweeg, anders kan die kliënt dalk ingehok voel (Carey, 1999:57).

Buiten die belangrikheid daarvan om die miniatuurobjekte korrek te pak op die rakke, is dit vir die berader nodig om te weet van die moontlike betekenisse, simbole en argetipes wat betrokke kan wees met die gebruik van die miniatuurobjekte.

## 4.5 Argetipes en die gebruik van simbole in spelberading met sand

Carey (1999:13) sien 'n argetipe as 'n hipotetiese model wat nog nie ten volle of finaal verduidelik is nie. Sy meen verder dat elke persoon sy eie betekenis het vir 'n sekere argetipe, omdat elkeen dit op sy of haar eie manier ervaar.

'n Belangrike aspek van 'n argetipe is dat dit twee kante bevat, beide 'n negatiewe en 'n positiewe pool. Emosionele probleme wat voorkom is dikwels as gevolg van 'n argetipe-wanbalans by die persoon (Carey, 1999:14). Carey (1999:14) gee voorbeelde van argetipes wat kan voorkom:

- *Die "groot moeder"*: Aan die positiewe kant is die argetipe baie sorgsaam en koesterend. In spelberading met sand word sy deur sekere tipes diere voorgestel, byvoorbeeld koeie, bere, varke of walvisse. Die negatiewe kant van hierdie argetipe is dat dit vernietigend is en alles wil plunder. Hierdie argetipe word dikwels in spelberading met sand as draak of 'n aktiewe vulkaan voorgestel.

- *Die "wyse ou man"*: In hierdie argetipe se positiewe vorm stel dit die wysheid van Salomo of 'n middelaar voor. Aan die negatiewe kant stel dit die "*Puer Aeternis*" voor, wat weier om groot te word en die lewe "traak-my-nieagtig" lewe.

- *Die "held"*: Aan die positiewe pool van die argetipe is die hooftaak van die "held" om die mag van die donker te oorkom. Die negatiewe hiervan is die "bedrieër". Die argetipe is vol skelmstreke.

- *Die "anima"*: Hierdie is 'n vroulike argetipe binne die manlike psigologie. In die positiewe paradigma van hierdie argetipe word sy gesien as beeldskoon, jonk en 'n godin. Die teenoorgestelde hiervan is 'n klaende, moeilike vrou.

- *Die "animus"*: Binne Jung se definisie word hierdie argetipe gebruik as die vroulike projeksie van hul manlike sy. 'n Voorbeeld vir die positiewe "animus" is waar 'n vrou droom dat haar motor met haar gaan staan en 'n hulpvaardige man kom haar te hulp. Aan die ander kant is die negatiewe sy van hierdie argetipe byvoorbeeld waar die vrou te doen kry met 'n spul rowers.

- *Die "inner child"*: In hierdie argetipe is spontaneiteit, verbeelding en vreugde opgesluit, wat volgens die psigologie een van die argetipes is wat die meeste onderdruk word by volwassenes. Die positiewe kant van hierdie argetipe beklemtoon die spontane eienskappe van die kind, terwyl die negatiewe aspek die ongehoorsame kind bevat.

- *Die "ego" of "self"*: Die "ego" is gesetel in die bewuste realm van die psige, terwyl die "self" diep binne die onbewuste begrawe lê. Een van die basiese aannames van Jungiaanse psigologie is dat die psige die potensiaal besit om vanself te herstel soos die menslike liggaam (Carey, 1999:18).

Volgens Carey (1999:13) soek 'n Jungiaanse terapeut die konneksie tussen die bewustelike gedagtes van die kliënt en die onbewuste argetipes wat die moontlike oorsaak van die kliënt se probleem mag wees. Argetipes se betekenisse is vir die spelberader met sand van belang omdat dit kan help om die dieper onderbewuste van die kliënt na vore te bring. Argetipes is universele betekenisse wat deur die hele samelewing aan 'n simbool of objek gegee word. Die kliënt kan egter ook sy eie persoonlike betekenis aan so 'n objek gee (Hunter, 1998:43).

Narratiewe berading verskil hier van Spelberading met sand, omdat die betekenis wat 'n kliënt aan 'n objek of figuur wat hy as metafoor of simbool vir sy storie gebruik, deur die kliënt self toegeskryf word. Die berader en kliënt gebruik die betekenis wat die kliënt daaraan koppel.

Hunter (1998:41) sê die volgende oor die gebruik van simbole:

*"Sandplay taps into the essence of language: the transformation of experience into symbols which can be manipulated and expressed."*

Spelsimbole in die vorm van miniatuurobjekte vervang dus die woorde van die kliënt. Hierdie gebruik van simbole maak dit verder moontlik dat dowe kliënte of kliënte met 'n taalgebrek ook voordeel put uit spelberading met sand (Hunter, 1998:41).

Simbole versteek ook sekere aspekte van die kliënt se bewuste wat hy nog nie gemaklik kan hanteer nie. 'n Seun kan byvoorbeeld in die sand met 'n groot manlike fantasiefiguur veg, terwyl hy in werklikheid nog nie gereed is om op te staan teen sy eie dominante vader nie (Hunter, 1998:42).

Die berader moet daarteen waak om prematuur na simboliese betekenisse te gryp en dit te wil analiseer (Jackson, 1991:55). Dit stem ooreen met narratiewe berading, waar dit belangriker is dat die kliënt sy eie betekenisse heg aan spesifieke simbole.

Nadat die belangrikste toerusting bespreek is, wat benodig word vir 'n spelberadingsessie met sand, kyk die navorser na die rol wat die berader speel in die proses.

## 4.6 Die proses in spelberading met sand en die rol van die berader.

Die navorser kyk vervolgens na die rol van die berader in spelberading met sand.

Kalff (1981:i) vat die basiese rol van 'n berader deeglik saam:

*" I am sure that new discoveries and other approaches than those I have experienced myself can prove helpful in alleviating the suffering of the patient, and this should be the therapist's primary motivation, above and beyond the development of new techniques and ideas."*

Daar moet met die eerste beradingsessie aan die kliënt verduidelik word wat die tegniek van spelberading met sand is omdat dit dikwels onbekend is aan baie mense. Dit is ook belangrik om spelberading met sand te verduidelik omdat daar 'n diskoers heers wat sê dat "spel" nie berading kan wees nie. In die geval van kinders wat vir berading gebring word, moet die ouers verduidelik word hoe spelberading met sand werk (Carey, 1999:67).

Die ouers word ingelig oor die verdere aspekte van die spelberading met sand, soos die metaforiese aard van speel, deur daarop te wys dat kinders van nature toegerus is om in metafore te dink. Na elke sessie moet daar ook gepoog word om terugvoering aan die ouers te gee oor die vordering van die kind (Carey, 1999:70).

Die eerste taak van die berader is dus om 'n veilige atmosfeer te skep vir die kliënt (Carmichael, 1994:2). 'n Sterk verhouding ontwikkel tussen die berader en die kliënt, sonder dat die kliënt afhanklik raak van die berader. Die sandkas tree op as buffer teen oor-afhanklikheid van die berader (Hunter, 1998:43). Die berader is 'n observeerder van die proses wat plaasvind (Colling & Molchanov, 1999:3). Betekenisse wat die kliënt heg aan objekte is belangriker as betekenisse wat die berader daaraan heg (Ryce-Menuhin, 1992:70).

Die berader sien wat die kliënt in die sand bou, dus is hy bevoorreg genoeg om 'n "daar langs die sandkas"-ervaring te beleef. So kan die berader 'n "in die skoene van die kliënt" tipe ervaring beleef (Ryce-Menuhin, 1992:11; Cunningham, 2001:1). Colling en Molchanov (1999:3) is van mening dat die berader die "leser" is van die kliënt se wêreld in die sand.

'n Verdere rol van die berader is om die bou van die kliënt se wêreld te bewaar sodat hy weer daarna kan verwys op 'n later stadium in die berading. Dit kan gedoen word deur sketse, foto's of notas. Die foto's word gebêre en dan kan die berader later weer daarna kyk (Weinrib, 1983:15; Ryce-Menuhin, 1992:5; Carey, 1999:63; Homeyer & Sweeney, 1998:74).

Ryce-Menuhin (1992:70) skryf oor die belangrikheid daarvan om nie aannames te maak oor die kliënt se menings of betekenis nie:

> *"A world-maker, standing in front of an open drawer, containing a number of representations of houses of different shapes and sizes took up a medium-sized house and*

*put it on the flat sand in the world tray. To the individual who has taken up the house, it may represent 'a house' but it may also, and with equal possibility, represent nothing of the sort. It may be the nearest object he can find to stand for the idea of 'safety' or 'being under observation', or 'the restrictions of urban life', or 'family' or simply a conveniently sized and shaped rectangulor object he can use as a plinth on which to put a horseman."*

Wat baie belangrik is, is dat die berader nie te gou te veel moet "weet" nie, anders mag die kliënt se kreatiwiteit gedemp word. Geduld is nodig om die tyd en spasie wat 'n kliënt nodig het aan hom beskikbaar te stel (Ryce-Menuhin, 1992:14, 15). Die berader moet leer om ten volle betrokke te wees om die kliënt se proses in die sand te observeer, hoewel dit dikwels tyd neem (Homeyer & Sweeney, 1998:65; Hunter, 1998:40).

Vervolgens verskaf Pearson en Wilson (2001:95) 'n sespunt-plan as riglyn vir beraders wat met spelberading met sand wil begin:

1. Doen soveel ervaring van spelberading met sand op as wat jy kan saam met 'n gekwalifiseerde sandspelberader.
2. Doen 'n opleidingskursus saam met 'n aanvaarde professionele terapeut.
3. Lees relevante navorsing oor hierdie rigting. Alhoewel die hoog aangeskrewe toepas van spelberading met sand nie uit boeke geleer kan word nie, kan navorsing hieroor jou eie ervarings verryk.
4. Begin jou eie miniatuurobjek-versameling. Vertel jou familie wat jy wil hê, snuffel rond in afslagwinkels en by vlooimarkte.
5. Koop of bou 'n sandkas. Kry gewaste riviersand by 'n hardewarewinkel.
6. Kry gekwalifiseerde toesig. Volgehoue toesig onder 'n ervare spelberader met sand is uiters belangrik.

Carmichael (1994:2) beskryf die sand as die proses, die sandkas as die medium en die wêreld as die produk.

Homeyer en Sweeney (1998:60-76) gee 'n sespunt-plan waarvolgens 'n berader sandkasberading kan toepas:

- STAP 1: Opstel van die vertrek
- STAP 2: Stel die sandkas en die miniatuur-objekte voor
- STAP 3: Die kliënt skep die toneel in die sandkas
- STAP 4: Na die skeppingsfase
- STAP 5: Skoonmaak van die sandkas
- STAP 6: Dokumentering van die sandkas-sessie

Die navorser bepreek hierdie ses punte vervolgens kortliks.

***STAP 1: Opstel van die vertrek.***

Die proses sal afhang van die situasie waarin die berader hom bevind. Indien die berader 'n aparte vertrek vir berading het, sal die voorbereiding soos volg daarna uitsien:

- Maak seker dat die sandkas en die miniatuurobjekte reg is vir die beradingsessie.
- Verseker dat daar nie enige oorblywende miniatuurobjekte in die sandkas is van die vorige sessie nie.
- Die sand moet plat en effens glad wees vir die kliënt.

Indien daar twee sandkaste is:

- Sien toe dat die nat sandkas vogtig genoeg is. Indien die berader die kliënt toelaat om die sand self nat te maak, moet water en 'n houer beskikbaar wees (Carey, 1999:60).

Indien daar een sandkas is:

- Verseker dat daar genoeg water byderhand is indien die kliënt nat sand verkies (Carey, 1999:58).

Indien die berader 'n vertrek moet omskep vir berading is dit belangrik dat die miniatuurobjekte in die kategorieë gepak is soos reeds bespreek (sien p32-33). Die stoel waarop die berader sit, kan op 'n plek geplaas word wat nie in die kliënt se pad sal wees nie. Dit is tog belangrik dat die

kliënt die berader as betrokke moet ervaar tydens sy sandbousessie (Homeyer & Sweeney, 1998:61; Carey, 1999:71).

***STAP 2: Stel die sandkas en die miniatuurobjekte voor.***

Die voorstel van die kliënt aan die sandkas en miniatuurobjekte moet ooreenstem met die proses wat die berader gaan volg. Die berader mag van n nie-direktiewe of 'n direktiewe benadering gebruik maak, of selfs van beide.

Nie-direktiewe benadering

Die berader kan kies om nie-direktief met die kliënt te werk. Die berader kan die volgende gebruik as aansluitingspunt om die kliënt aan die proses voor te stel:

> *"Hier is 'n versameling miniatuurobjekte (wys na die rakke en mandjies). Jy mag soveel van hulle gebruik as wat jy wil. Ek stel voor dat jy 'n oomblik eers na hulle kyk en die kies wat met jou praat. Plaas dit in die sand (wys na die sandkas). Dan kan jy soveel miniatuurobjekte byvoeg as wat jy wi, om 'n wêreld in die sand te bou. Neem jou tyd en laat my weet wanneer jy klaar is."*

Wanneer ouer kinders en tieners vir berading opdaag, mag die voorstelling soos volg aangepas word: *"Hier is 'n versameling miniatuurobjekte. Jy mag soveel van hulle gebruik as wat jy wil. Bou dan 'n toneel in die sand. Die toneel mag enigiets wees wat jy wil bou."* Indien die kind of tiener onseker lyk oor dit wat van hom verwag word, mag jy met die volgende verder voortgaan: *"Jy weet dat 'n mens die 'pause'- knop kan druk wanneer jy 'n film kyk en jy die film wil stop? Wanneer die film stop, sien jy die toneel van die film. Die toneel wat jy in die sand bou, kan wees soos hierdie toneel in die film, maar nie* van *'n film nie, maar iets wat jy kan uitdink. Kyk na die miniatuurobjekte en kies van hulle om in die sand te sit, en bou dan verder."*

Homeyer en Sweeney (1998:63) meen dat sommige beraders verkies om die volgende woorde te gebruik:

- skep 'n wêreld
- skep jou wêreld
- skep 'n toneel
- bou 'n wêreld
- bou jou wêreld
- bou 'n toneel.

Die woorde wat gebruik word in die voorstel van die kliënt aan die proses is egter belangrik en kan 'n sekere impak hê. Petruk (1997:8) wys die belangrikheid hiervan uit deur 'n studie wat met nege- tot elfjarige kinders gedoen is. Die kinders is gevra om hul "wêreld in die sand te skep", en die meeste het 'n realistiese weergawe van hul woongebied gebou.

Direktiewe benadering

Sommige kliënte mag oorweldig voel wanneer hierdie "vry" en ongestruktureerde werkswyse aan hulle voorgestel word. In so 'n geval sal dit beter wees om 'n spesifieke taak aan die kliënt te gee. Die taak kan dan ook aansluit by die kliënt se probleem. 'n Voorbeeld hiervan kan wees waar 'n student probleme ervaar met sy kamermaat. Die berader kan byvoorbeeld die volgende vra: "Bou 'n toneel in die sand wat beskryf hoe jy voel wanneer jy by die huis kom na werk en jy sien dat jou kamermaat die huisreëls weereens gebreek het" (Homeyer & Sweeney, 1998:64).

***STAP 3: Die kliënt skep die toneel in die sandkas***

Laat die kliënt toe om die nie-direktiewe of direktiewe konstruksie van sy toneel in die sand te bou. Intussen respekteer die berader beide die proses wat besig is om plaas te vind (die bouwerk of skepping) en die produk (toneel) wat ontplooi (Homeyer & Sweeney, 1998:65).

Terwyl die kliënt in die sand bou, moet die berader ten volle betrokke wees. Om 'n terapeutiese omgewing te bewerkstellig is dit nodig dat die berader stil moet wees. Pearson en Wilson (2001:82) meen dat dit belangrik is dat die berader nie sy hande in die kliënt se sandkas moet indruk en aan die miniatuurobjekte moet raak nie omdat dit sal inmeng met die kliënt se werk-spasie.

Dit is nodig dat die berader luister, observeer en empaties deel in die skepping van die kliënt (Weinrib, 1983:12). Die berader moet die proses vertrou (Homeyer & Sweeney,1998:65; Carey,1999:73).

Dinamika waarna die berader moet oplet om die kliënt beter te kan verstaan is te vind in die visuele voorstelling in die sand en die kliënt se interaksie met die miniatuurobjekte (Homeyer & Sweeney, 1998:67).

Die interaksie met die sand

Die berader moet oplet na hoeveel tyd die kliënt daaraan bestee om die sandoppervlak glad te maak. Word die sand baie geskuif? Word die sand opgehoop om die blou oppervlak na vore te bring? Dit kan ook wees dat die kliënt die aanraking van die sand vermy, vir spesifieke redes. Hieroor kan later in die proses navraag gedoen word (Homeyer & Sweeney, 1998:67).

Die interaksie met die miniatuurobjekte

Vermy die kliënt enige interaksie met sekere objekte of kategorieë? Word daar meer tyd bestee aan sekere miniatuurobjekte of kategorieë as ander? Word sekere miniatuurobjekte sagter of versigtiger hanteer as ander? Begin die kliënt met 'n skynbare fokus en plan, maar dan eindig die sandkas in chaos? (Homeyer & Sweeney, 1998:67; Weinrib, 1983:13; Ryce-Menuhin, 1992:16).

Dit is vir sommige beraders gerieflik om notas te neem tydens die sessie sodat daar weer later hierna verwys kan word.

***Stap 4: Na die skeppingsfase***

Die doel waarvoor die kliënt die toneel moes bou in die sand, sal hierdie stap beïnvloed. Sommige beraders sal verkies dat die skeppingswerk van die kliënt nie bespreek word nie.

Ander beraders mag die toneel wat die kliënt geskep het gebruik as aanknopingspunt om die berading verbaal voort te sit. Die berader mag dit moeilik vind om nie die kliënt se werk te interpreteer nie. Al het die berader insig oor die moontlike betekenis van dit wat in die sandkas gebou

is, mag hy nie sy opinie gee nie. Dit is belangrik dat die *kliënt* betekenis moet koppel aan dit wat hy gedoen het. Deur vrae te vra kan die berader die kliënt se werk ondersoek en beter verstaan.

Bespreking van die sandkastoneel

Daar is sekere riglyne wat die berader kan voorsien van insig in die sandkastoneel wat die kliënt geskep het (Homeyer & Sweeney, 1998:68).

Vervolgens word kortliks na Homeyer en Sweeney (1998:68) se riglyne verwys:

- Ondersoek die voltooide sandkas deeglik. Al het die berader elke stap geobserveer wat die kliënt in die sandkas geneem het, is dit nodig om die geheelbeeld van die sandkas te kry.
- Observeer die sandkas emosioneel. Watter emosie word by die berader opgewek wanneer hy na die sankbak kyk? Is dit rustig? Kwaad?
- Evalueer die organisasie van die sandkas. Die analitiese psigo-analiste mag byvoorbeeld baie tyd spandeer aan die analisering van die kliënt se toneel in die sand.

Die volgende is tipiese voorbeelde van hoe sandwêrelde deur die kliënt georganiseer kan word, asook *moontlike* betekenisse wat daaraan geheg kan word:

***1. 'n Leë wêreld***

'n Sandkas word gesien as 'n leë wêreld wanneer daar 35 of minder miniatuurobjekte gebruik is (Homeyer & Sweeney, 1998:69). 'n Leë wêreld kan 'n aanduiding wees dat 'n kliënt sy wêreld as ongelukkig ervaar. Die kliënt mag verwerp voel en die behoefte ervaar om te ontvlug.

***2. 'n Menslose wêreld***

'n Sandkas word gesien as 'n menslose wêreld indien daar nie mense in die sandkas voorkom nie (Homeyer & Sweeney, 1998:69). Mense word gesien as mans, vrouens, kinders, beroepsfigure, ensovoorts, maar sluit oorlogsfigure uit. 'n Menslose wêreld mag daarop dui dat die kliënt wil ontsnap en/of dat daar gevoelens van vyandigheid is teenoor mense. Kinders wat byvoorbeeld

mishandel is, mag 'n menslose wêreld bou omdat hulle voel dat mense wat in die regte wêreld is, hulle seergemaak het. Hulle wil liewer uit hierdie wêreld ontsnap.

***3. 'n Geslote wêreld***

'n Geslote wêreld is een waarin die kliënt gebruik maak van heinings of ander afskortings. Die miniatuurobjekte wat in die sandkas voorkom, moet ook in oormaat deur heinings omhein of afgeskort wees.

Die geslote wêreld kan gesien word as uitroep van die kliënt na die volgende:

- behoefte om beskerm te word;
- afsluit van die kliënt van ander;
- om gevare uit te sluit; en
- 'n vrees vir sy eie innerlike impulse en 'n behoefte om eksterne beheer te kan toepas (Homeyer & Sweeney, 1998:70).

***4. 'n Rigiede wêreld***

'n Rigiede wêreld is 'n wêreld van rye of 'n skematiese rangskikking. Die rangskikking van die miniatuurobjekte kom dikwels onrealisties voor en het 'n rigiede rangskikking en 'n geometriese patroon.

Dit mag aandui dat daar 'n emstige behoefte aan orde is, as reaksie op die kliënt se chaotiese wêreld. Dit mag ook gesien word as die kliënt se behoefte aan perfeksionisme, of selfbeheer.

***5. 'n Ongeorganiseerde wêreld***

'n Ongeorganiseerde wêreld staan dikwels as 'n chaotiese wêreld bekend. In hierdie wêreld word die miniatuurobjekte chaoties en impulsief geplaas. Terwyl die bou van hierdie wêreld aan die gang was, kon dit voorkom of die kliënt beplan, maar die kliënt verloor beheer en die wêreld verander in chaos (Homeyer & Sweeney, 1998:71).

Hierdie wêreld mag 'n indikasie wees van die kliënt:

- se innerlike onsekerhede;

- se reaksie op die chaos wat hy ervaar in sy wêreld; of
- se onvermoë om selfbeheer te kan toepas.

***6. 'n Aggressiewe wêreld***

Die aggressiewe wêreld word maklik geïdentifiseer. Dit mag 'n oorlogsveld voorstel met die karakters wat baklei en veg. Daar mag busse, motors, vliegtuie of bote wees wat bots.

Die betekenis van die aggressiewe wêreld is dit wat dit sê: aggressie. Sommige kliënte bou hul sandkas gebaseer op dit wat in die werklikheid aangaan. Ander kliënte mag dalk ag slaan op hul innerlike aggressie, wat hulle voel veilig is om in die sandkas uit te beeld (Homeyer & Sweeney, 1998:71).

'n Verdere riglyn wat die berader kan gebruik is om die tema of metafoor van die sandwêreld te identifiseer.

Indien die sandkastoneel of wêreld een van die bogenoemde ses wêrelde is, mag dit maklik wees om dit te identifiseer. Dikwels is dit nie so eenvoudig nie. Soms is dit beter om 'n metafoor vir die sandkas te identifiseer as om 'n tema te kies.

Homeyer en Sweeney (1998:72) gee 'n twaalfjarige meisie as voorbeeld. Sy hou verskriklik baie van iemand. Sy gebruik 'n heining wat omgeval het as metafoor vir die intense gevoel wat sy ervaar. Hierdie heining lê plat, asof dit omgeblaas is deur energie wat ontplof het binne die heiningsarea. Sy identifiseer hierdie toneel as "die energie van liefde" wat meer beskrywend is as 'n tematiese benaming wat sy daarvoor moes gee.

Nadat die voorafgaande stappe voltooi is, kan die berader die kliënt nooi om 'n titel te verskaf aan die toneel of wêreld wat hy gebou het (Homeyer & Sweeney, 1998:72).

***STAP 5: Skoonmaak van die sandkas***

Die kliënt raak dikwels so deel van die wêreld wat hy besig is om te bou dat die berader die kliënt vroeg genoeg moet waarsku dat die tyd verstreke is. Alhoewel dit nodig is om by die tydslimiet te bly, is dit onregverdig om 'n kliënt in die middel van sy sessie te stop.

Die miniatuurobjekte mag eers teruggepak word wanneer die kliënt die vertrek verlaat het (Bradway et al., 1981:136). Respek word so getoon vir die kliënt se werk. Dit is ook belangrik dat die kliënt die visuele beeld van sy toneel moet kan onthou. Die meeste kliënte dink voort oor die metafoor van hul sandkas gedurende die tyd voor hul volgende sessie (Homeyer & Sweeney, 1998:74).

***STAP 6: Dokumentering van die sandkas-sessie***

Die berader kan 'n foto neem van die sandkastoneel om dit in die kliënt se lêer te bewaar. Dit mag alleenlik gedoen word met die kliënt se toestemming. Die foto's kan waardevol wees wanneer daar oor 'n lang tyd na die werk van die kliënt gekyk word (Homeyer & Sweeney, 1998:74; Carey, 1999:64; Weinrib, 1983:15; Ryce-Menuhin, 1992:5).

Beraders wat koste wil bespaar, kan die sandkas teken. Dit is egter nie so effektief soos 'n foto nie, omdat daar dikwels detail van die sandkas is wat uitgelaat word.

'n Verdere opsie as beradingswyse in sandkasberading is die "fokus"- proses (Homeyer & Sweeney, 1998:85). In stede daarvan om die kliënt te vra om die sandkas wat gebou is, 'n titel of naam te gee, kan die berader spesifieke vrae vra. Hierdie vrae kan draai om die individuele miniatuurobjekte wat die kliënt in die sandkas geplaas het.

Homeyer en Sweeney (1998:5) gee die volgende benadering wat hierop van toepassing is:

1. Vra die kliënt om die sandkas 'n naam te gee.
2. Vra die kliënt om die toneel te beskryf. Laat die kliënt toe om soveel narratief moontlik te gebruik. Dit is altyd goed om die kliënt toe te laat om soveel van die sandkas te beskryf as wat hy verstaan. Wat vir die berader as 'n chaotiese en leë toneel mag voorkom, mag vir die kliënt vol betekenis wees.
3. Nooi die kliënt om die spesifieke miniatuurobjekte te bespreek.

Met watter vraag kan die berader begin? Hier is 'n paar idees:

- Vraag aan berader: Staan een miniatuurobjek om een of ander rede uit bo die ander? Is daar 'n miniatuurobjek wat groter of kleiner is as die ander?

- Vraag aan berader: Ontlok 'n sekere miniatuurobjek 'n spesifieke emosie by jou?
- Vraag aan kliënt: Watter miniatuurobjek verteenwoordig jouself in die sandkas?
- Vraag aan kliënt: Is daar enige miniatuurobjekte wat iemand spesifiek verteenwoordig?
- Vraag aan kliënt: Watter miniatuurobjek het die meeste mag?

Nooi die kliënt om stemme te gee aan die verskillende miniatuurobjekte. Wat sou die miniatuur-objekte gesê het van hierdie toneel? Dit kan behulpsaam wees indien daar 'n dialoog tussen die miniatuurobjekte sou plaasvind.

Wat is die betekenis van die miniatuurobjekte? (Wanneer die berader kan verstaan wat die betekenis is van die miniatuur-objekte, kan dit die berader nog aanknopingspunte gee om die sandkas volledig met die kliënt te bespreek.)

Die kliënt se interaksie met die miniatuurobjekte: Terwyl die kliënt besig was om in die sandkas te bou, was daar enige huiwering om 'n sekere miniatuurobjek te gebruik of om van een afstand te doen?

Nooi die kliënt om die aksies uit te voer. Kinders voer hul sandkastoneel dikwels op. Hierdie proses kan baie waardevol wees. Dit is moontlik om die kliënt te vra oor dit wat volgende mag gebeur, of wat hierdie miniatuurobjek vir 'n ander een beteken.

Dit is nodig dat die berader ingelig moet wees oor wanneer om die berading te beëindig. Vervolgens gee Sweeney (1997:146) 'n paar punte om na op te let as riglyne:

- Die kliënt besit verhoogde vermoë om probleme op te los.
- Die kliënt verbaliseer meer.
- Daar is 'n groter gewilligheid om te ondersoek.
- Daar is meer selfvertroue en 'n groter gevoel van eiewaarde.
- Vermindering in angs en depressie.
- Groter vermoë om meer georganiseerd te dink en op te tree.
- Groter vermoë om emosies uit te druk.
- Vermindering in aggressie.
- Vermindering in die vrees vir konfrontasie en 'n groter gewilligheid om te onderhandel.

- Verhoogde vermoë om frustrasies te beheer.
- Meer gewillig om hulp te soek.
- Verhoogde vermoë om besluite te neem.
- Verandering in kreatiewe uitdrukkings, insluitend stories en kunswerk.

## 4.7 'n Voorbeeld van Spelberading met sand

Vervolgens gee die navorser 'n voorbeeld van hoe spelberading met sand met 'n paartjie gedoen kan word.

Soos voorheen genoem, word spelberading met sand ook gebruik in berading met paartjies. Ariel (1992:11) verskaf twee redes waarom spelberading met sand vir families en paartjies gebruik kan word. Eerstens, dit skakel "ompad"- beskermingsmeganismes soos rasionalisasie en ontkenning uit, en skep in die plek daarvan onmiddellike emosionele ervarings. Tweedens syfer die onbewuste gedagtes, emosies en verhoudings tot die oppervlak deur deurdat die kommunikasie gemakliker is.

Die paartjie se "wêreld" word voltooi in 'n kas wat hulle in stilte saam bou met simbole, in kontras met die stereotipiese woorde wat gewoonlik gebruik word. Sodra die paartjie klaar gebou het, vra die berader gefokusde vrae.

Carmichael en Echols (1997:6) gee voorbeelde van gefokusde vrae wat die berader kan vra:

- Wat het die items wat jy in die sandkas gebruik het, bepaal?
- Wat dink jy het die keuse wat jou eggenoot gemaak het, bepaal?
- Hoe het jy jou eggenoot se skuiwe en herskuif van iets wat jy in die sandkas ingesit het, beleef?
- Wie dink jy was die ingenieur van hierdie wêreld?
- Watter enkele woord sal jy kies om hierdie wêreld te beskryf?

Hierdie vrae help die paartjie om hul individuele persepsies van die sandkas te interpreteer. Die berader help die paartjie om die dinamika van hul verhouding te verken deur hul observasies te deel en vrae te vra wat duidelikheid gee (Carmichael & Echols, 1997:8).

Carmichael en Echols (1997:5) is van mening dat die berader die paartjie se gedrag tydens die sandwerk moet dophou. Hy moet let op wie eerste is om 'n voorwerp in die sand te plaas en of daar 'n koöperatiewe of 'n kompeterende bui tussen die twee mense ontstaan.

Na 'n opvolgonderhoud, waarin die dinamiese aspekte van die verhouding verken word, kan die paartjie hul sandkaste herorganiseer soos hulle graag hul wêreld sou wou hê. Deur hierdie herorganisasie van die sandkas kan die paartjie hul lojaliteit tot en determinasie teenoor gesonde verandering wys (Vondracek & Corneal, 1995:12).

Nadat die paartjie hul sandkaste geherorganiseer het, sal die berader hulle weer vra om hul wêreld wat gebou is, te beskryf. Die berader vra dan gefokusde vrae oor die reëls wat hul vasstel in die bou van hul sandbak.

Vrae wat hier gevra kan word, is volgens Carmichael & Echols (1997:7):

- Watter verandering, dink jy, vra jou eggenoot van jou?
- Hoe dink elkeen van julle kan julle hierdie verandering teweegbring?
- Watter stappe is elkeen van julle bereid om te neem om hierdie verandering teweeg te bring?

Hierna vind 'n eerlike bespreking plaas oor watter veranderings die paartjie graag sal wil aanbring. Volgens Carmichael en Echols (1997:7) kan nie een 'n verandering in die sandkas teweegbring voordat beide verstaan en daar oor die verandering saamgestem word nie.

Hierdie oefening kan herhaal word vir soveel keer as nodig is, omdat daar wel veranderinge in die paartjie se verhouding sal plaasvind soos wat hulle vorder in die sandwerk.

## 4.8 Samevatting

In **hoofstuk 4** is daar kennis gemaak met spelberading met sand. Die navorser het gekyk na die agtergrond van spelberading met sand en die pioniers van die teorie. Die toerusting wat benodig word om spelberading met sand toe te pas is uiteengesit, asook die kategorieë waarin dit gerangskik kan word. Die proses in spelberading met sand is bespreek, asook die rol en taak wat die berader vervul.

Die kern van spelberading met sand is gegrond in die poging om die kliënt deur 'n proses van heling te neem op die mees natuurlike wyse.

Schiller sluit by Jung aan wanneer hy sê: *"Man is completely human only when he is at play"*(Ryce-Menuhin, 1992:6).

In die volgende hoofstuk word daar gekyk na die navorsingsvoorstel wat van toepassing is op hierdie navorsingstuk.

## -HOOFSTUK 5-

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 5.1 Inleiding

Volgens Kotze (1992:3) is dit nodig dat die navorser die vraag rakende sy epistemologiese posisie moet beantwoord. So is dit ook nodig dat die navorser haarself oriënteer ten opsigte van die raamwerk waaruit sy haar navorsing wil doen. Kwalitatiewe navorsing en die literatuurstudie sal onder bespreking kom en die navorser sal aan die leser verduidelik waarom hierdie navorsingsmetode gekies is. Vervolgens word hierna gekyk.

## 5.2 Kwalitatiewe navorsing

Alhoewel daar 'n skuif van kwantitatiewe na kwalitatiewe navorsing in metodes van navorsing plaasgevind het, is alle kwalitatiewe navorsingsmetodes nie noodwendig postmodern nie (Botha, 1998:80). Die navorser maak van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik omdat dit voordelig is vir die navorsing, soos die volgende aandui:

Van Heerden (1999) se idees oor kwalitatiewe navorsing is:

- dit is meestal postmodernisties;
- dit konsentreer op konstrukte: een van talle alternatiewe;
- dit werk meer beskrywend;
- dit beskou die geheel van die saak;

- die navorser en die objek het wedersyds 'n invloed op mekaar;
- die omgewing waarin die objek hom bevind, speel ook 'n rol;
- dit konsentreer eerder op ideografiese waarhede of gekontekstualiseerde kennis;
- nuwe taal en betekenis word eerder gekonstrueer;
- nuwe aspekte wil eerder geïllustreer word;
- die betroubaarheid van die navorsing hang van die konteks af;
- die klem val op beskrywing;
- die navorser wil verstaan eerder as verklaar; en
- daar bestaan 'n rekursiewe verbintenis tussen navorser en die navorsing.

Die navorser sien kwalitatiewe navorsing as 'n meer filosofiese wyse om te werk te gaan omdat hierdie navorsingswerkswyse minder begrens is.

Lincoln en Guba (soos aangehaal deur Nicol, 1996:67) vestig die navorser se aandag op 'n paar positiewe aspekte van kwalitatiewe navorsing:

- binne kwalitatiewe navorsing word daar so omvattend en ryk moontlik beskrywings gegee aan realiteite;
- kwalitatiewe navorsing wys interaktiewe prosesse duidelik uit;
- kwalitatiewe navorsingsmetodes is vloeibaar en responsief ten opsigte van data;
- daar vind 'n uitbreiding van die menslike sintuie, naamlik sien, hoor en die intuïtiewe sesde sintuig, plaas;
- die wedersydse vormende invloede en waardepatrone wat binne die navorsingsproses eenwoordig is, word gerespekteer binne kwalitatiewe navorsing.

Een van die belangrikste voordele van kwalitatiewe navorsing is volgens Marshall en Rossman (1995:87) dat die navorser uit die kalklig beweeg; sy interpretasies en stem is nie van belang nie. Die fokus word verplaas na die kliënt wat hom op sy manier en sy eie taal uitdruk.

Betekenis en realiteit word geskep binne die domein van taal, en kwalitatiewe navorsing berus op die aanname dat verskeie realiteite moontlik is.

Nicol (1996:64) glo dat taal 'n bindende faktor binne kwalitatiewe navorsing is en dat geleenthede vir die konstruksie van veelvuldige realiteite deur taal geskep word. Kennis wat geskep en betekenisse wat gevorm word, is nie objektief nie en word teruggeplaas in die hande van persone betrokke by die betekenisgenerering (Nicol, 1996:68). Nicol (1996:68) meen verder dat verskillende stemme hoorbaar word binne kwalitatiewe navorsing omdat elke individu sy eie realiteit op sy eie unieke manier konstrueer en met sy eie lens na die werklikheid kyk.

Soos wat die navorser verantwoording moet doen oor die navorsingswyse wat in hierdie navorsingstuk gebruik is, so moet die navorser die metode van data-insameling wat gebruik is aandui.

## 5.3 Literatuurstudie

Die navorser maak van 'n literatuurstudie in hierdie navorsing gebruik om die inligting te kan versamel wat handel oor die Narratiewe beradingswyse en Spelberading met sand.

'n Literatuurstudie moet die navorsing wat gedoen is oor 'n spesifieke onderwerp vervat. Die navorsing kan skripsies, navorsingstudies, videobande en enige navorsingstukke insluit wat die navorser kan help om blootstelling aan die onderwerp so wyd moontlik te maak.

Daar word in die hoofstukke oor Narratiewe benadering veral gekyk na die werk van Michael White (1990; 1991), David Epston (1998), Anderson en Goolishian (1988), Monk *et al.* (1997).

In die stukke oor Spelberading met sand is daar gekyk na die navorsing van onder andere Ryce-Menuhin (1992), Carey (1999), Homeyer & Sweeney (1998)

## 5.4 'n Kwalitatiewe-vergelykende studie

Die navorser maak gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetode gekombineer met 'n ondersoek van vergelyking tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand.

Volgens Strauss en Corbin (1990:62) word daar in 'n kwalitatiewe-vergelykende studie data oor die onderwerpe versamel, die data word opgebreek in verskillende dele en noukeurig ondersoek. Die doel van die vergelyking is om te help om aannames oor die onderwerp deur te breek en spesifieke dimensies te ontbloot.

Vanuit hierdie vergelykende studie word daar gepoog om inligting te verkry waarvolgens die navorser blootstelling kan verkry oor die twee tipes beradingswyses, wat 'n bydrae kan lewer tot beide die beradingswyses waarmee daar gewerk word.

## 5.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetode wat gevolg word en wat die beste pas by hierdie navorsingswyse bespreek. Daar is aandag gegee aan die kwalitatiewe navorsingsmetode, literatuurstudie en kwalitatiewe-vergelykende studie, wat die navorser gevolg het om die inligting vir hierdie navorsingswerk in te samel.

Vervolgens word daar 'n vergelykende studie gedoen tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand in **Hoofstuk *6*** in 'n poging om te bepaal of ooreenkomste tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand voorkom, en of hierdie twee beradingswyses mekaar sinvol kan aanvul.

**-HOOFSTUK 6-**

# 'N VERGELYKING TUSSEN NARRATIEWE BERADING EN SPELBERADING MET SAND

## 6.1 Inleiding

In die vorige eeu is die narratiewe benadering tot berading veral deur die werk van White en Epston aan die beradingswêreld bekendgestel. Net so is daar ook in hierdie dekade 'n groter geïnteresseerdheid in die gebruik van spel in berading (White & Allers, 1994:1; Carey, 1999:1). In hierdie navorsingstuk word daar gefokus op Narratiewe berading, en 'n ondersoek word gedoen om die ondersteunende rolle wat Narratiewe berading en Spelberading met sand teenoor mekaar kan speel, uit te wys.

Die navorser poog egter nie om die een beradingswyse bo die ander uit te sonder nie en sê ook nie dat een beradingswyse beter as die ander een is nie. Daar word gekyk na 'n kombinasie van hierdie twee beradingswyses. Die navorser vergelyk die Narratiewe beradingswyse en Spelberading met sand met mekaar en bepaal ook so 'n paar **ooreenkomste**.

## 6.2 'n Vergelyking tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand

Vervolgens wil die navorser moontlike ooreenkomste tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand ondersoek deur die twee beradingswyses met mekaar te vergelyk.

Daar sal op die volgende aspekte gefokus word:

1. Ons leef in stories
2. Die beradingswyse en -proses
3. Eksternalisering
4. Dominante storie
5. Dekonstruksie van die probleem
6. Unieke uitkomste
7. Terugkyk na vorige beskrywings
8. Metafore
9. Die storie word 'n naam gegee

### *6.2.1 Ons leef in stories*

Die mens verkry betekenis deur ervarings te struktureer in stories. *"As this storying of experience is dependent upon language, in accepting this premise we are also proposing that we ascribe meaning to our experience and constitute our lives and relationships through language"* (White & Epston, 1990:27).

Die manier waarop die mens dink oor die wêreld, dit interpreteer en teenoor die wêreld reageer, word in 'n groot mate bepaal deur die mens se self-narratief. In 'n mate is 'n storie realiteit op sy eie en dit het 'n direkte invloed in ons lewe. Narratiewe berading poog om 'n persoon se storie of stories neer te pen en te verken deur middel van taal. In die Narratiewe beradingswyse word dit gedoen deur middel van woorde.

Spelberading met sand bied 'n alternatiewe wyse om iemand se storie te verken. In Spelberading met sand word die storie nie alleen in verbale taal verwoord nie, maar daar word ook van 'n nie-verbale kommunikasieproses gebruik gemaak. Die miniatuurobjekte word die "woorde" van die kliënt waaraan hy 'n eie unieke betekenis heg (Weinrib, 1983:81; Homeyer & Sweeney, 1998:65). Die vorm van berading kan veral voordelig wees wanneer iemand 'n probleem met taal het, byvoorbeeld jong kinders wat mag sukkel om hul gevoelens te verwoord.

Spelberading met sand kan dus 'n ondersteunende funksie verrig in Narratiewe berading deurdat Spelberading met sand die kliënt help om sy storie ook visueel voor te stel. Dit maak die abstrakte beradingsproses van Narratiewe terapie meer konkreet.

### *6.2.2 Die beradingswyses en die prosesse wat gevolg word*

Die navorser let vervolgens op 'n paar elemente van Narratiewe berading en Spelberading met sand wat met mekaar ooreenstem.

#### *6.2.2.1 Die berader werk vanuit 'n "nie weet nie"-posisie*

Anderson (1997:34) verwys na die "nie weet nie"-posisie in die Narratiewe benadering as volg:

> *"Not-knowing refers to the attitude and belief that the therapist does not have access to privileged information, can never fully understand another person, and always needs to learn more about what has been said or not said."*

Die berader wat die Narratiewe beradingswyse volg, is met ander woorde nederig oor die kennis waaroor hy beskik en is gedurig besig om inligting by die kliënt in te win. Die berader is in teendeel meer geïnteresseerd in wat die kliënt graag wil sê as wat hy is om inligting wat deur die kliënt gegee word te selekteer en te gebruik om sy sienings te staaf.

Omdat die kliënt die kenner is van sy eie wêreld, is dit nodig dat die berader altyd geïnteresseerd sal bly in die gesprek of die wêreld wat die kliënt besig is om in die sandbak te bou.

Volgens Pearson en Wilson (2001:82) is dit belangrik dat die berader in Spelberading met sand nie aannames maak oor dit wat besig is om plaas te vind in die kliënt se innerlike tydens berading nie. Die moontlikheid bestaan dat as die berader aan die kiënt verduidelik wat iets beteken, kan:

- die berader heeltemal verkeerd wees;
- die berader die kliënt die kans ontneem om dinge self te ontdek;
- die berader die kliënt afhanklik maak van sy insigte en leiding;
- die kliënt voel dat hy veroordeel of gestoomroller word.

Die berader moet wonder oor dinge (Potgieter, 2000:75).

Wanneer die berader aannames maak oor die storie wat in die sand plaasvind, kan dit nadelige gevolge hê, soos ons aflei uit die voorafgaande stelling van Pearson en Wilson (2001:82). Deurdat die berader nie aannames maak oor die verhaal wat die kliënt besig is om te vertel en of te bou nie, erken die berader dat die kliënt die kenner van sy eie storie is. Die kliënt en berader beweeg op 'n gelyke vlak, daar is nie 'n hiërargie wat tussen hulle voorkom nie.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat beraders in Spelberading met sand en Narratiewe beraders werk vanuit 'n "nie weet nie"-posisie. Dit maak die kombinering van Spelberading met sand en Narratiewe berading dus verder moontlik.

Die volgende wys daarop dat Spelberading met sand en Narrariewe berading vanuit 'n nie-direktiewe werkswyse funksioneer.

**6.2.2.2 'n Nie-direktiewe werkswyse**

Volgens Lebo (1982:71) is 'n berader iemand wat die kliënt ondersteun en wat voorstelle aan die kliënt vermy:

> *"Nondirective therapy has come to be recognized as an important approach to understanding behaviour. It makes no attempt to control or change the client's meanings, rather it focusses attention on creating a therapeutic situation which provides experiences that make changes possible and leaves to the individual the freedom to decide the nature and direction of the change."*

Die berader kan ook in die proses van Spelberading met sand kies om nie-direktief te werk te gaan (Homeyer & Sweeney, 1998:62). Die kliënt word toegelaat om enige storie in die sand uit te bou (Weinrib, 1983:12).

Die kliënt neem die leiding oor die rigting waarin die berading beweeg en om die aspekte in die beradingsessie te hanteer wat vir die kliënt *reg* en *aanvaarbaar* is om te hanteer.

In Spelberading met sand sowel as Narratiewe berading is dit baie belangrik dat die kliënt die rigting waarin die berading kan beweeg, moet bepaal. Indien die kliënt nie die leiding neem nie, kan dit gebeur dat die kliënt en berader nie op dieselfde vlak van verstaan beweeg nie.

Pearson en Wilson (2001:83) gee 'n paar voorbeelde van vrae wat die berader **nie** moet vra **nie**, omdat dit die kliënt kan lei:

*"Is that wicked witch like your mother?"*
*"Is that lonely elephant very sad?"*
*"Is that yucky spider making the poor little rabbit frightened?"*
*"This puppy over here, all alone in the corner, must feel like you?"*

Om self-ontdekking toe te laat meen Pearson en Wilson (2001:83) dat die berader die voorafgenoemde vrae ***eerder*** as volg kan stel:

*"Tell me about that witch. Do you know anyone like that?"*
*"Can you tell me anything more about this elephant?"*
*"How does it feel?"*
*"How do you feel about the spider? How would the other figures in the tray feel about the spider?"*
*"What do you think that puppy is thinking about?"*
*"If you were one of these figures, which one would be most like you?"*

Spelberading met sand is dus 'n verdere middel om meer inligting oor die kliënt te bekom en speel so 'n ondersteunende rol teenoor Narratiewe berading.

### *6.2.3 Eksternalisering*

Die berader voel dat daar in spelberading met sand ook 'n vorm van eksternalisering voorkom soos wat daar in die Narratiewe beradingsproses plaasvind. Die kliënt se bouwerk in die sand is 'n vorm van eksternalisering.

Soos die kliënt in Narratiewe berading afstand verkry tussen homself en die probleem wat ervaar word deur die woorde en metafore wat gebruik word, so verkry die kliënt in spelberading met sand afstand deur sy storie in die sand uit te beeld. Dit word verkry deur die miniatuurobjekte wat in die sand gebruik word om afstand tussen die kliënt en die probleem te bewerkstellig. Deur hierdie eksternalisasie is dit dan moontlik om die probleem vanuit 'n ander hoek te beskou, want

nou is die persoon nie meer die probleem nie, maar die probleem is die probleem (O'Hanlon, 1994:23; Morgan, 2000:17; Doan, 1997:131).

In hierdie werkswyse kan daar byvoorbeeld in die proses van eksternalisering en dekonstruksie deur die spelberading met sand gefokus word op persoonsgerigte probleemfunksionering (Cunningham, 2001:3). Die fokus word verplaas van die individu na die probleem self. Dit is dikwels vir mense baie moeilik om hulle los te maak van hul probleem. 'n Voorbeeld hiervan is mense wat sukkel met hulle gewig. Hulle sien dikwels hul identiteit in terme van hul gewig: "Ek is oorgewig," pleks van: "Ek is 'n persoon" (Muller & Van Niekerk, 2001:200).

In spelberading met sand kan daar tydens 'n sessie met so 'n persoon gekyk word na die wêreld wat sy in die sand bou. Deur die berader se vrae kan die fase van eksternalisasie in Narratiewe berading aangehelp word. 'n Voorbeeld van tipiese vrae wat die berader kan vra is:

- As jy vir die storie wat jy in die sand gebou het, 'n naam kon gee, wat sou jy dit noem?
- Wanneer kry "vet" (of die naam wat die kliënt vir die probleem gee) dit reg om 'n houvas oor jou te kry?
- Wat sê "vet" vir jou?
- Wanneer is jy die meeste vatbaar vir "vet" en sy streke?
- Hoe beïnvloed "vet" jou verhouding met die mense om jou?

Soos reeds genoem, is die proses waarin die kliënt sy wêreld in die sand bou alreeds 'n vorm van eksternalisasie. Dit maak dit ook makliker vir die berader om die kliënt te help verstaan wat eksternalisasie is en om dan hierdie taal te gebruik. 'n Voorbeeld hiervan kan wees waar die kliënt sy vrees uitbeeld in die sand en byvoorbeeld 'n monsterfiguur gebruik. So word die vrees gepersonifieer. Dan is dit moontlik om met "vrees" te praat en die verhouding wat die persoon met "vrees" het te ondersoek, en dan te kyk na hoe "vrees" dit regkry om die persoon te oorheers.

### *6.2.4 Die dominante storie oorheers*

In die Narratiewe beradingswyse wat voortspruit uit die sosiale konstruktivistiese diskoers is dit opmerklik dat 'n dominante verhaal waarin die persoon glo, sy lewe oorheers. Die persoon wat dan vir berading kom, kan sy dominante verhaal as problematies ervaar.

Monk *et al.* (1997:42) asook White en Epston (1990:14) meen dat 'n kliënt se narratiewe om verskeie redes problematies kan word:

> *" 'n Persoon se ervaring mag as problematies ervaar word omdat dit gebaseer is op idees wat die persoon glo ander van hom het."*

In Spelberading met sand staan al die miniatuurobjekte in 'n verhouding tot mekaar. Die vrae wat die berader vra, help die kliënt vasstel watter verhoudings problematies is, hoekom dit 'n probleem is en wat daaraan gedoen kan word. Hierdie elemente kom na vore tydens die vertel van die storie in die sand (Ryce-Menuhin, 1992:9; Homeyer & Sweeney, 1998:64).

Monk *et al.* (1997:42) sien in die Narratiewe berading dat die kliënt vir homself stories mag vertel wanneer hy hom in 'n doodloopstraat bevind. In Spelberading met sand vra die berader die kliënt om aan te dui watter objek in die sandstorie die kliënt verteenwoordig. Deur na die storietema te kyk kan die berader sien watter rol die kliënt speel in die onderhouding van sy eie problematiek (Homeyer & Sweeney, 1998:82).

White en Epston (1990:14) meen in die Narratiewe benaderingsuitkyk dat die stories wat die persoon vir homself vertel, verhoed om reg te laat geskied aan sy "stem". In Spelberading met sand spreek die miniatuurobjekte se plasing en interaksie met mekaar vanself. Die hele bou-proses kom vanuit die kliënt se onbewuste en in hierdie opsig gee die kliënt 'n "stem" aan sy eie ervarings (Ryce-Menuhin, 1992:4; Weinrib, 1983:67).

White en Epston (1990:viii) skryf:

> *"What we know about ourselves is defined, for the most part, by the cultural practices (of describing, labelling, classifying, evaluating, segregating, excluding, etc.) in which we are embedded."*

In Spelberading met sand het die kliënt geleentheid om te kies uit verskillende kulturele objekte, om sy storie te beskryf (Homeyer & Sweeney, 1998:46; Carey, 1999:70).

Daar is 'n diskoers van mag wat binne die narratiewe metafoor voorkom. As die persoon homself identifiseer met die narratief wat sê wie hy is, word hy die eienaar van hierdie narratief. Die probleemdeurdrenkte narratief word gekonstrueer binne die dominante diskoers van 'n samelewing deurdat die persoon of gesin waarde heg aan sosiaal gekonstrueerde kennis wat spesifieke betekenis aan ervarings koppel (Soal & Kottler, 1996:123-124).

Met ander woorde, dit wat ons van onsself glo, is onder andere van ons ouers en familie of die samelewing afkomstig. Die negatiewe dominante storie (die probleemverhaal) wat die kliënt glo, is dikwels gesetel in hierdie samelewingsdiskoers wat die kliënt gevange hou (Morgan, 2000:9).

Vanuit die narratiewe teorie weet ons dat die kliënt wat vir berading kom, se eie storie in 'n sekere sin negatief en problematies geword het. Daar word dan gewerk met die persoon se sosiaal gekonstrueerde diskoerse en die dominante storie wat die persoon oorheers (White & Denborough, 1998:4). In Spelberading met sand kry die kliënt ook geleentheid om self te besluit watter storie sy lewe tans oorheers en kan hy visueel in die sand aan die berader wys watter aspekte hy in die storie problematies vind (Homeyer & Sweeney, 1998:80).
Homeyer en Sweeney (1998:79) sê verder:

> *"Children, for example, take a great deal of information, but can only interpret that information from their developmentally limited perspective. This results in the establishment of internalised misbeliefs about themselves and their world. Adults, likewise, take in information, but often continue to interpret it through their previously established misbeliefs. Clients typically do not identify misbeliefs without assistance."*

In die Spelberading met sand-proses is dit moontlik dat die kliënt se dominante verhaal en probleemverhaal uitkom deurdat die kliënt neig om aanhoudend dieselfde storietema uit te bou (Ryce-Menuhin, 1992:4). Hier kan die Spelberading met sand-proses die narratiewe werkswyse ondersteun wanneer die berader sien dat die kliënt aanhou om die situasie uit te beeld en daar nog nie vordering is nie.

Uit bogenoemde verduideliking is dit duidelik dat 'n kombinasie van Spelberading met sand en Narratiewe berading groot moontlikhede inhou wat betref hantering van die dominante storie van kliënte.

### *6.2.5 Daar vind 'n dekonstruksie van die probleem plaas*

Soos wat die kliënt sy wêreld in woorde voor die Narratiewe berader skets, kan die kliënt in Sandkasberading sy wêreld voor die berader in die sand bou.

Muller en Van Niekerk (2001:200) is van mening dat persone gebruik maak van selektiewe geheue om verhale wat hulle glo hulle domineer, in stand te hou. Die inligting van die ou verhaal is kongruent met huidige gesindhede en ingesteldhede ten opsigte van hul huidige verstaan van hul wêreld.

Die huidige verstaan van die kliënt word duidelik in Spelberading met sand, ook deur die storie wat die kliënt in die sandbak uitbou. Die storie bestaan uit karakters en elemente wat die storie se "spelers" verteenwoordig (Homeyer & Sweeney, 1998:69). In hierdie storie word vir die berader uitgewys wat die verhoudings tussen die verskillende karakters is (Ryce-Menuhin, 1992:4).

Volgens die Narratiewe beradingswyse word die "ou verlede"-verhale gedekonstrueer om ruimte te maak om dieselfde verlede-verhale nuut te interpreteer en sodoende by 'n "nuwe ou verhaal" en later by 'n toekomsverhaal uit te kom (Nicholson, 1995:23).

Deur middel van dekonstruksie wil die Narratiewe berader en die kliënt die veronderstellings van die konteks waarin die probleem gesetel is, ontleed en beter verstaan sodat ruimte geskep word vir alternatiewe begrip (Anderson & Goolishian, 1988:11).

Deur die probleem te bespreek en dit in verskillende dele op te breek is dit moontlik om meer insig in die probleem se invloed en beheer te verkry. Hierdie proses kan ook in die sand plaasvind deurdat die kliënt sy storie in die sand bou en die verskillende karakters in die storie of die verskillende tonele elkeen ondersoek word (Homeyer & Sweeney, 1998:85). So kan bepaal word watter karakters in die sand met die probleem saamwerk, en watter karakters of simbole die probleem aanhelp en watter nie.

Spelberading met sand kan die narratiewe werkswyse ondersteun deurdat die berader die kliënt byvoorbeeld vra oor die verskillende tonele uit sy storie, of dat die kliënt die storie moet uitbou soos wat hy dit graag sou wou hê. Hier kry die berader en die kliënt geleentheid om dan te kyk

na wat die kliënt verhoed om hierdie ideaal in sy lewe te hê en wat dit is wat die kliënt kan doen om by hierdie ideaal uit te kom.

Die berader kan byvoorbeeld die volgende vrae vra:

- Wat dink jy kan jy doen om daardie sertifikaat te kry wat jy in jou storie by die prysuitdeling ontvang het?
- Wat verhoed jou om die hokkiespan te haal wat jy in jou storie uitgebeeld het?

#### *6.2.6 Unieke uitkomste kom voor*

Binne Narratiewe berading is daar "goue" of "wonderwerk"-oomblikke wat plaasvind in die verloop van gebeure in 'n persoon se storie, wat dikwels in teenstelling is met dit wat die negatiewe dominante storie is en elemente is wat buite die dominante storie van die kliënt val. In hoofstuk 3 is die "landskap van aksie"-vrae bespreek wat gebruik word om hierdie unieke uitkomste te identifiseer binne die verloop van gebeure in 'n persoon se lewe.

Hierdie unieke uitkomste is nie net te vind in die Narratiewe beradings-proses nie, maar ook in Spelberading met sand. Die kliënt kan deur die bou van sy storie in die sand dikwels self by hierdie unieke uitkomste uitkom. Dit sal in insidente wees waar die kliënt geleer het dat hy dit reggekry het om 'n situasie anders te hanteer as wat hy voorheen sou, of dat hy die probleem wat hy voorheen ervaar het, minder seggenskap in sy lewe gee. Spelberading met sand help byvoorbeeeld dat die kliënt 'n gevoel van beheer herwin ten opsigte van gebeure in sy lewe wat hy gevoel het buite sy beheer lê (Homeyer & Sweeney, 1998:70).

'n Voorbeeld hiervan kan wees waar 'n kliënt probeer om hekkies in sy sandbak te laat regop staan en hy dit nie regkry nie, totdat die persoon 'n alternatiewe manier kry om die hekkie te laat regop staan, byvoorbeeld deur sandhopies te vorm sodat dit die hekkie ondersteun. Die berader kan die kliënt vra of hy bewus was daarvan dat hy vandag die hekkies anders laat regop staan het, in teenstelling met vorige geleenthede toe hy net aangehou probeer het en dit wou nie slaag nie. Wanneer die kliënt dan tot hierdie nuwe ontdekking kom (om alternatiewe te laat werk) kan dit baie positiewe gevolge vir sy verhaal hê.

White en Epston (1990:32) meen:

> *"It is proposed that alternative stories can be generated or regenerated through a performance of meaning around unique outcomes. This performance of meaning around unique outcomes can also provide a basis for the identification of the subjugated knowledges and for the opening of space for the circulation of these knowledges."*

Wanneer 'n persoon binne 'n probleemgevulde storie leef, is dit dikwels so dat die persoon verblind word deur die probleem. Wanneer iemand wat buite die probleem staan, soos die berader, vrae vra om betekenis uit hierdie antwoorde te kry, kan dit wees dat die perspektief van die persoon wat buite die probleem staan, 'n alternatiewe betekenis aan hierdie probleem koppel. In Spelberading met sand verskaf die onbewuste van die kliënt ook unieke insig in die probleem (Ryce-Menuhin, 1992:12; Carey, 1999:21).

'n Hipotetiese voorbeeld van hoe Spelberading met sand ook die identifiseer van unieke uitkomste in die Narratiewe beradingswyse kan aanhelp, is byvoorbeeld:

| | |
|---|---|
| Berader: | "Jannie, as jy moet sê watter miniatuurobjek jou voorstel in vandag se storie, wie sou jy sê is jy?" |
| Jannie: | "Ek is die spierman met die swaard." |
| Berader: | "Kan jy onthou wie jy gekies het om jou voor te stel toe jy die eerste keer na my toe gekom het om stories in die sand te bou?" |
| Jannie: | "Ja, ek kan." |
| Berader: | "Wie was jy toe?" |
| Jannie: | "Toe was ek die klein 'alien'-mannetjie." |
| Berader: | "Wat sê dit vir jou van jouself dat jy nie meer die 'alien'-mannetjie is nie?" |
| Jannie: | "Ek is sterk!" |

Uit die bogenoemde bespreking sien die leser dat dit moontlik is dat Spelberading met sand en Narratiewe berading van unieke uitkomste gebruik maak.

*6.2.7 Daar word teruggekyk na vorige beskrywings*

In Spelberading met sand word 'n foto van die kliënt se werk in die sand geneem. Volgens Pearson en Wilson (2001:11) kan die berader een van die foto's van die kliënt se sandwerk aan die kliënt gee. Die berader hou dan die ander foto vir toekomstige verwysings. Die kliënt kan genooi word om te kyk na die foto's van vorige sandkassessies om te kyk of daar enige veranderinge of ontwikkeling plaasgevind het (Weinrib, 1983:15; Ryce-Menuhin, 1992:5; Homeyer & Sweeney, 1998:74). Hierdeur kan die kliënt sien of daar groei in die beradingsessies plaasgevind het.

In die Narratiewe beradingsessies word daar ook gekyk na veranderinge wat plaasvind vandat die kliënt vir berading aangemeld het tot waar hy hom tans bevind. Daar kan dikwels na die berader se notas teruggekeer word om te sien of daar in byvoorbeeld taal of standpunte of probleemvordering enige verandering of vordering plaasgevind het deurdat dit vergelyk word met vorige sessies.

'n Vraag wat dikwels so 'n verskil kan help uitwys, is byvoorbeeld:

- "Aan die begin het jy gesê dat die probleem sowat 80% van jou lewe oorheers. Met hoeveel persent sou jy sê, oorheers die probleem jou lewe vandag?"
- "Jy het aan die begin gemeld dat jy graag jou lewe wil terugneem van die probleem. Hoe groot persentasie van jou lewe sou jy sê het jy al teruggeneem van die probleem?"

Wanneer die berader die werkswyse van die narratiewe benaderingswyse volg om die vordering wat die kliënt gemaak het in die berading uit te wys, kan die gebruik van spelberading met sand van onskatbare waarde wees om hierdie vordering meer konkreet uit te wys deur middel van foto's (Homeyer & Sweeney, 1998:74; Ryce-Menuhin, 1992:5; Carey, 1999:64; Weinrib, 1983:15).

*6.2.8 Daar word van metafore gebruik gemaak*

In spelberading met sand gebruik die kliënt verskillende miniatuurobjekte vir die verskillende persone en lewenselemente wat in die persoon se lewe 'n rol speel (Carey, 1999:57). Dit maak dit vir die berader ook makliker om goed te verstaan na wie daar verwys word indien hierdie miniatuurobjek weer gebruik word in 'n later stadium.

Volgens Homeyer en Sweeney (1998:81) kan die berader die kliënt vra om die sandkas wat gebou is 'n naam te gee. Die naamgeeproses het metaforiese waarde. Dit is belangrik om die bespreking van die metafoor of storie in die sand binne hierdie metafoor te hou (Homeyer & Sweeney, 1998:78; Carey, 1999:69).

Die kliënt kan moeilike aspekte in sy lewe makliker weergee deur die veilige metaforiese sandkastoneel (Homeyer & Sweeney, 1998:78). Kliënte kan verwarring en chaos in die sandkas uitbou. Hierdeur kan hulle makliker definieer wat die konflikte, die goeie en die slegte in hulle lewens behels. Die oorlogstories in die sandkas raak byvoorbeeld 'n metafoor van seuns wat in oorlogs- geteisterde gebiede woonagtig is (Hunter, 1998:48).

In die narratiewe benadering word daar op 'n linguistiese wyse van metafore gebruik gemaak (Freedman & Combs, 1996:8). 'n Persoon wat in 'n beperkende verhouding vasgevang is, kan byvoorbeeld sê dit voel of hy in 'n seekat se tentakels vasgevang is; 'n persoon wat depressief is, kan die metafoor van 'n donderwolk gebruik om sy ervaring te beskryf. Later in die sessie kan daar dan van "die seekat" of "die donderwolk" gepraat word om op 'n metaforiese wyse na die probleem te verwys.

Spelberading met sand se gebruik van miniatuurobjekte kan dus die verwysing na metafore in die sand voorstel, waar die narratiewe werkswyse deur linguistiese taaluitspraak metafories kan werk.

Weereens sien ons dat die twee beradingswyses mekaar kan ondersteun wanneer hulle gesamentlik gebruik word deurdat albei benaderings 'n sterk metaforiese aanslag in hulle onderskeie metodieke vervat.

#### *6.2.9 Die storie word 'n naam gegee*

In die narratiewe beradingswyse kan die berader die kliënt vra om die dominante storie 'n naam te gee (Nicholson, 1995:24). Deurdat die kliënt 'n naam aan die storie gee, word 'n tema waaraan die kliënt besig is om te werk, uitgelig. Dit dien ook as verdere inligting aan die berader om te verstaan waar die kliënt hom in die beradingsessies bevind.

In Spelberading met sand kan die kliënt die sandbak-kaswêreld wat hy gebou het 'n naam gee (Homeyer & Sweeney, 1998:81). Hierdie proses verskaf aan die berader insig oor hoe die kliënt homself sien in sy interaksie met die wêreld. So is dit moontlik om in die toekoms makliker terug te verwys na die betrokke sessie.

Die gee van 'n naam aan die kliënt se werk in spelberading met sand asook die storie wat vertel is in narratiewe berading, vervul verder ook die funksie om afstand te skep tussen die kliënt en die storie. Hierdie proses kan dan ook 'n ondersteunende en fasiliterende rol speel in die proses van eksternalisering.

## 6.3 Die kombinasie van Narratiewe berading en Spelberading met sand

Die voorafgaande vergelyking het getoon dat daar beslis 'n moontlikheid bestaan dat Narratiewe berading 'n ondersteunende rol kan speel tot Spelberading met sand, en so ook kan Spelberading met sand aanvullend wees tot Narratiewe berading. Die navorser kyk vervolgens opsommend na elkeen.

### *6.3.1 Bydraes wat Narratiewe berading tot Spelberading met sand kan lewer*

In die Spelberading met sand-proses kan die Narratiewe beradingswyse 'n bydrae lewer deurdat die kliënt na die bouproses in die sand meer gedetaileerde vrae van die berader kan beantwoord. Dit kan meebring dat die berader meer duidelikheid oor die betekenis van sekere miniatuurobjekte verkry. So word misverstande tussen die berader en die kliënt verminder. Vraagstelling wat in Narratiewe berading gebruik word, om die negatiewe dominante storie van die kliënt te ondersoek, kan in Spelberading met sand gebruik word om die storie van die kliënt te dekonstrueer sodat 'n nuwe storie geskryf kan word of gebou kan word in die sand.

### *6.3.2 Bydraes wat Spelberading met sand tot Narratiewe benadering kan lewer*

Spelberading met sand kan help om die prosesse wat binne Narratiewe berading plaasvind, te versterk. Soos voorheen genoem, word daar in die Narratiewe beradingswyse van eksternalisering gebruik gemaak om afstand tussen die kliënt en sy storie te verkry. Spelberading met sand oefen alreeds hierdie proses uit deurdat die kliënt sy storie in die sand bou en daar so afstand be-

staan. Dus kan Spelberading met sand hierdie aspek versterk wanneer 'n Narratiewe berader die Spelberading met sand in sy prosesse inkorporeer.

'n Verdere bydrae is dat daar nie net van verbale taal gebruik gemaak word vir kommunikasie tussen die berader en die kliënt nie, maar dat daar visuele miniatuurobjekte betrokke is, wat kommunikasie tussen die partye versterk. Spelberading met sand kan dus aan die narratiewe proses 'n meer konkrete en selfs drie-dimensionele dimensie verskaf.

### *6.3.3 Is 'n kombinasie van Narratiewe berading en Spelberading met sand moontlik?*

Uit die voorafgaande is gesien dat die kombinasie van Spelberading met sand en die Narratiewe beradingswyse positiewe gevolge het. Die twee werkswyses se samewerking kan 'n beter verstaan van die kliënt se wêreld vir die beraders van albei die beradingswyses tot gevolg hê. Hierdie bydrae het op sigself die beste vir die kliënt in gedagte.

Albei die werkswyses word deur mekaar se aanwesigheid in 'n beter kommunikasiemiddel vir kliënt en berader verander.

Spelberading met sand is al aangewend in behandeling van kliënte wat huweliksberading benodig het (Ariel, 1992:11), asook berading met kinders (Bradway <u>et al.</u>, 1981:1). Net so is Narratiewe berading al per geleentheid op paartjies met huweliksprobleme (Freedman & Combs, 1996:158) toegepas, asook ouers met probleemkinders (Freedman & Combs, 1996:114). Dus het albei beradingswyses alreeds min of meer dieselfde teikengroepe in gedagte.

## 6.4 Samevatting

Die doel van **hoofstuk 6** was om Narratiewe berading met Spelberading met sand te vergelyk en te wys hoe Narratiewe berading en Spelberading met sand mekaar kan ondersteun.

Daar is vergelykings getref tussen die volgende aspekte:

- Ons leef in stories.
- Die berader werk vanuit 'n "nie weet nie"-posisie.

- 'n Nie-direktiewe werkswyse word gevolg.
- Eksternalisering word gebruik.
- Die dominante storie oorheers.
- Daar vind 'n dekonstruksie van die probleem plaas.
- Unieke uitkomste kom voor.
- Daar word in metafore gewerk.
- Die storie word 'n naam gegee.

Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat daar wel heelwat raakpunte tussen die Narratiewe beradingswyse en Spelberading met sand bestaan. Volgens die navorser kan hierdie twee beradingswyses mekaar baie goed aanvul om kliënte op 'n kreatiewe wyse te help om 'n nuwe lewenstorie te skryf.

Die navorser voel Spelberading met sand kan 'n bydrae lewer tot Narratiewe berading. Spel-berading met sand verskaf 'n visuele komponent wat die abstrakte, taalgebonde, narratiewe proses baie meer konkreet maak. Die gebruik van Spelberading met sand kan moontlik die narratiewe proses vir die berader sowel as die kliënt baie vergemaklik.

In **hoofstuk 7** word na die gevolgtrekkings oor navorsing gekyk, asook die moontlikhede vir verdere studies ten opsigte van Narratiewe berading en Spelberading met sand.

## -HOOFSTUK 7-

# SAMEVATING

## 7.1 Inleiding

In die slothoofstuk gee die navorser 'n oorsig van studie wat gedoen is. In die gevolgtrekkings kyk die navorser of die doelstellings bereik is soos uiteengesit in **hoofstuk 1**.

Die navorser kyk oorhoofs na die navorsingswerk as geheel. Ten slotte word daar 'n paar aanbevelings gemaak vir toekomstige navorsing.

## 7.2 Gevolgtrekkings van die navorsing

Nadat die berader blootstelling gekry het aan beide die beradingswyses, naamlik Narratiewe berading en Spelberading met sand, was sy geïnteresseerd in die moontlike kombinasie van hierdie twee beradingswyses.

Die navorser wou ondersoek instel of daar raakpunte bestaan tussen die werkswyse van Narratiewe berading en Spelberading met sand. Die ondersoek het die kwalitatiewe-vergelykende studie tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand tot gevolg gehad en die navorser het by 'n paar aspekte uitgekom, naamlik:

1. Ons leef in stories.
2. Die beradingswyse en -proses.
3. Eksternalisering word gebruik.

4. Die dominante storie oorheers.
5. Daar vind 'n dekonstruksie van die probleem plaas.
6. Unieke uitkomste kom voor.
7. Daar word teruggekyk na vorige beskrywings.
8. Daar word van metafore gebruik gemaak.
9. Die storie word 'n naam gegee.

Nie net is daar uit die vergelyking tussen Narratiewe berading en Spelberading met sand gewys dat die twee beradingswyses baie met mekaar in gemeen het nie, maar ook dat 'n kombinasie van hierdie twee beradingswyses baie voordelig kan wees vir die berader en die kliënt.

Die berader word deel van die kliënt se storie en kry 'n duidelike uitbeelding van dit wat die kliënt ervaar. Deur middel van vraagstelling in die Narratiewe werkswyse kan die benaming van probleme tot stand kom, wat kan lei tot die eksternalisering van hierdie probleme. Die storie wat die kliënt in die sandkas bou, sluit ook aan by die Narratiewe vorm van eksternalisering. Deurdat die kliënt sy storie in die sandkas bou, word daar afstand tussen hom en sy storie verkry, wat die kliënt die storie met nuwe insigte kan laat bekyk.

Weereens wil die navorser klem daarop lê dat die doel van hierdie studie nie was om die een beradingswyse tot 'n beter wyse van berading te verhef nie, maar dat kombinering van die twee beradingswyses wedersydse verryking tot gevolg kan hê.

## 7.3 Moontlike leemtes binne hierdie studie

Die volgende kan moontlike leemtes wees binne hierdie studie :

- 'n Gevallestudie of gevallestudies kon moontlik deel uitgemaak het van hierdie studie om die kombinasie van Narratiewe berading en Spelberading met sand te illustreer.
- Daar kan meer aspekte van Narratiewe berading en Spelberading met sand wees wat vergelykbaar is met mekaar.
- Die literatuurstudie kan verder uitgebrei word.

## 7.4 Moontlikhede vir verdere studies

Verskeie vorme van spelberading met sand is in verskeie navorsingstudies ondersoek. Temas sluit in: die gebruik van sandspel met mishandelde en verwaarloosde kinders (Zinni, 1998), sandspel en kruiskulturele kleuterskoolaktiwiteite (Burgess, 1996), die hantering van kinders met emosionele probleme (Wheat, 1995), die gebruik van sandkaste as diagnostiese instrument en terapeutiese intervensie (Vintruella & James, 1987), die ondersoek van gesinsgrense en gesinstrukture, asook disfunksionele interaksiepatrone (Vintrulla & James, 1987).

Al die bogenoemde studies kan soortgelyk nagevors word deur die kombinering van Spelberading met sand en Narratiewe berading.

Toekomstige navorsing kan ook kyk na die implementering van Narratiewe berading en Spelberading met sand as 'n unieke kommunikasiemiddel in 'n verskeidenheid situasies. Narratiewe berading en spelberading met sand kan ook gekombineer word met die fokus op probleemvaardighede.

Die navorser het maar slegs sekere moontlike voorbeelde van vergelyking tussen die Narratiewe werkswyse en Spelberading met sand genoem, terwyl verdere navorsing nog moontlikhede na vore kan bring.

Daar is voorheen genoem dat die teikengroepe van Narratiewe berading en Spelberading met sand ook ooreenstem. Die moontlikheid bestaan dat daar verdere teikengroepe is wat ook by albei hierdie beradingswyses kan baat vind. Voorbeelde is waar berading met persone wat HIV+ is, kankerpasiënte, of selfs persone wat trauma ervaar het, gedoen kan word.

Die navorser is van mening dat hierdie skripsie een van talle voorbeelde is vir verdere kombinering van Narratiewe berading met ander vorme van berading om mekaar te ondersteun.

## 7.5 Die navorser se perspektief op hierdie studie

Die navorser het met hierdie studie gepoog om haar entoesiasme oor die gebruik van Narratiewe berading met Spelberading met sand te deel.

Die navorser het die studie as baie inspirerend in haar eie lewe ondervind. Die idee van 'n wêreld in die sand bou, word eers verstaan die dag wanneer 'n persoon sy eie sandbak bou. Die miniatuurobjekte praat met die persoon. Die persepsie is dat 'n persoon sal bou wat die vinnigste in sy gedagtes opkom, of dat die storie wat die persoon bou, gebaseer sal wees op 'n film wat onlangs gesien is. Dit is allermins waar. Die navorser het ervaar 'n mens bou oor dit wat saakmaak in jou lewe, oor dit wat nog nie uitgewerk en georden is in jou gedagtewêreld nie. Mens bou oor dit wat 'n mens na aan die hart lê. Soos wat mens bou, is daar 'n besef dat daar gebou word aan dinge wat 'n mens dikwels dink, maar nooit aan jouself erken nie. Die storie en karakters word 'n toonbeeld van hoe dinge is of hoe 'n mens dinge graag sou wou gehad het, en dit gee dikwels aan die sandbouer 'n mate van mag terug wat van hom of haar af weggeneem is.

Die talle maniere van gespreksvoering wat die narratiewe benadering ons bied, is ideaal vir werk in die sand. Die storie in die sand is op sigself 'n vorm van eksternalisering en die gebruik van eksternaliserende taal kan die kliënt help om instinktief eksternalisering van sy probleme toe te pas.

Die karakters in die kliënt se lewe is nie net name nie, maar die kliënt kan simbole aan elkeen koppel deur die gebruik van die miniatuurobjekte. Dit kan help om die kliënt se storie beter te verstaan.

Die besef waartoe die navorser gekom het, is dat die berader op "heilige grond" beweeg tydens die spelberading met sand-proses, en dat dit kosbaar is, soos wat elke kliënt se sienings en storie kosbaar is.

## 7.6 Slotopmerking

Vir die navorser beteken narratiewe berading grootliks om in verbale gesprek met die kliënt te tree. Wanneer die werkswyse van Spelberading met sand by die narratiewe beradingsproses gevoeg word, kan dit ook 'n drie-dimensionele , visueel sigbare ontdekkingsreis vir die kliënt tot gevolg hê.

Die beradingsproses kan ook meer konkreet en maklik verstaanbaar vir kliënte raak. Deur narratiewe verading en spelberading met sand te kombineer, is die navorser van mening dat beide die berader en kliënt in 'n baie meer kreatiewe beradingsproses betrokke raak. Beide die berader en kliënt se lewenservaring word verbreed deur hierdie proses.

Die berader en kliënt staan uiteindelik in 'n unieke verhouding met mekaar. Hierdie beradingsverhouding word nie alleenlik gekenmerk deur gesproke taalgebruik nie. Die navorser is van mening dat 'n kombinasie van narratiewe berading en spelberading met sand 'n sinvolle ondersteunende rol tot mekaar kanvervul. Dit hou verder voordeel in vir kliënte deurdat meer alternatiewe stories met meer kreatiewe unieke uitkomste deur hierdie proses ontdek kan word.

# BIBLIOGRAFIE

– A –

Anderson, H. 1997. Conversation, language and possibilities: a postmodern approach to therapy. New York: Basic Books.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1988. Human systems as linguistic systems: some preliminary and evolving ideas about the implications for theory and practice. *Family process*, 27(4):371-393.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1989. Dialogic rather than interventionist: an interview by L. Windermand. *Family Therapy News*, Nov./Des.

Anderson, H. & Goolishian, H. 1996. The client is the expert: a not knowing approach to therapy.

Anon. 1998. Transpersonal Sandplay Therapy Centre. [Beskikbaar op die internet:] *http://www.sandplay.net/* [Datum van gebruik: 20 Okt. 2002].

Anon. 1999. The Sandplay Network Annual Conference. [Beskikbaar op die internet:] *http://sandtray.org/calender.html* [Datum van gebruik: 13 Okt. 2002].

Ariel, S. 1992. Strategic family play therapy. New York: Wiley.

– B –

Bergmann, F.C. 1999. Exploring death and loss: a social constructionist perspective. Unpublished MA (psychology) dissertation. Johannesburg: RAU.

Botha, A. 1998. Pastoral therapy and extra-marital affairs: a Narrative approach. Pretoria: UNISA. (Dissertation – D.Th.)

Bradway, K., Signell, K.A., Spare, G.H., Stewart, C.T., Stewart, L.H. & Thompson, C. 1981. Sandplay Studies: Origins, Theory and Practice. San Francisco: C.G. Jung Institute.

Bruner, E. 1986a. Ethnography as narrative. (In Turner, V. & Bruner, E. eds. The anthropology of experience. Chicago: University of Illinois Press.)

Burgess, L. 1996. Sandcastles (crosscultural nurseryschool activities) *Child Education*. 73:82-83, Nov.

– C –

Carey, L. 1999. Sandplay therapy with children and families. Jason Aronson: U.S.A.

Carmichael, K.D. 1994. Sandplay as an elementary school strategy. *Elementary School Guidance and Counselling*, 28(1):302-307.

Carmichael, K.D. & Echols, K.L. 1997. Using Sandplay in couples counseling. *Sandplay-Psychological aspects*, Family counseling, 5(1):5-32.

Colling, A. & Molchanov, E. 1999. Sandplay: stories told without words. [Beskikbaar op die internet:] *http://litsite.alaska.edu/uaa/healing/sandplay.html* [Datum van gebruik: 20 Okt. 2002].

Conning, E. 1998. Childplay therapy from a Transactional Analysis perspective. *Trasactional Analysis Journal*, 28(4):341-346, Okt.

Coulehan, R., Friedlander, M.L. & Heatherington, L. 1998. Transforming narratives: A change event in constructivist family therapy. *Family process*, 37:17-33, Spring.

Cunningham, L. 2001. What is Sandplay Therapy? [Beskikbaar op die internet:] *http://sandplay.org/whatis.html* [Datum van gebruik: 17 Okt. 2002].

**– D –**

Daignealt, S.D. 1999. Narrative means to Adlerian ends: an illustrated comparison of narrative therapy and Adlerian play therapy. *The Journal of Individual Psychology*, 5:298-315, Fall.

De Domenico, G.S. 2001. Sandtray network. What's in a name? [Beskikbaar op die internet:] *http://www.sandtray.org/bean_pot.gif.html* [Datum van gebruik: 10 Okt. 2002].

Doan, R.E. 1997. Narrative therapy, postmodernism, social counstructionism and constructivism: discussion and distinctions. *Transactional Analysis Journal*, 27(2): 128-133, Apr.

Dundas, E. 1990. Symbols come alive in the sand. Boston: Coventure.

**– E –**

Epston, D. 1998. Catching up with David Epston: a collection of narrative practice-based papers. Adeleide: Dulwich Centre Publications.

**– F –**

Ferreira, S. & Botha, D. 1998. 'n Sosiaal konstruktivistiese benadering in maatskaplike werk: die stories waarvolgens gesinne leef. *Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn*, 11(1):78-93, Okt.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. Narrative therapy: the social construction of preferred realities. New York: Norton.

Freeman, J., Epston, D., Lobovits, D. 1997. Expressive arts therapy. [Beskikbaar op die internet:] *http://www.narrative approaches.com/tensecintro.html* [Datum van gebruik: 2 Nov. 2002].

**– G –**

Gergen, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist*, 40:266-275, Mar.

Gergen, K.J. 1991. The saturated self: dilemmas of identity in contemporary life. New York: Basic Books.

Gergen, K.J. 1992. The postmodern adventure. *The Family Therapy Networker*:52 & 56-57, Nov./Des.

Gergen, K.J. 1994. Realities and relationships: soundings in social construction. London: Harvard University Press.

Gottlieb, D.T. & Gottlieb, C.D. 1996. The narrative/collaborative process in couples therapy: a postmodern perspective. *Journal of Couples Therapy: woman and therapy*, 19(3):37-47.

Guerney, L. 2000. Filial Therapy into the twenty first century. *International journal of play therapy*, 9(2): 1-17 [Journal article].

**– H –**

Hegeman, G. 2001. The sandplay collection. [Beskikbaar op die internet:] *http://www.sandplay.org/collection.html* [Datum van gebruik: 31 Okt. 2002].

Hevern, V.W. 1998. Philosophical perspectives. [Beskikbaar op die internet:] *http://maple.lemoyne.edu/˜hevern/narpsych.html* [Datum van gebruik: 8 Jan. 2002].

Hoffman, L. 1996. A reflexive stance for family therapy. (In Mcnamee, S. & Gergen, K.J., eds. Therapy as social construction. London: Sage Publications. p.7-24.)

Homeyer, L.E. & Sweeney, D.S. 1998. Sandtray: A practical manual. Canyon Lake: Lindan Press.

Hunter, L.B. 1998. Images of Resiliency. Troubled children create healing stories in the language of sandplay. Behavioral Communications Institute: Palm Beach, Florida. 132.

**– J –**

Jackson, B. 1991. Before reaching for the Symbols Dictionary. *Journal of Sandplay Therapy.* 1(1):55-58.

Jung, C. 1965. Memories, Dreams, Reflections. New York: Vintage.

**– K –**

Kalff, D. 1981. Sandplay: A Psychotherapeutic approach to the psyche. Boston: Sigo.

Klein, M. 1995. The psycho-analysis of children. London: Hogard Press.

Kotze, D.J. 1992. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde proefskrif – D.D.)

Kotze, E. 1995. The social construction of a family therapy training programme. Johannesburg: RAU. (Proefskrif – D.Litt. et Phil.)

**– L –**

Lamer, G. 1996. Narrative child family therapy. *Family process*, 35:423-440.

Lax, W.D. 1996. Postmodern thinking in a clinical practice. (In McNamee, S. & Gergen, K.J., eds. Therapy as social construction. London: Sage Publications. p. 69-85.)

Lebo, D. 1982. The development of play as a form of therapy: from Rousseau to Rogers. (In Landreth, G.L., ed. Play therapy: dynamics of the process of counseling with children. Springfield: Charles C. Thomas. p. 65-73.)

Lotter, H. 1995. Modernity, postmodernism and politics in places like South Africa. (In Rossouw, G.J., ed. Life in a postmodern culture. Pretoria: HSRC. p. 35-62.)

Lowe, R. 1991. Postmodern scenes and therapeutic practices: notes towards the definition of family therapy: Part 2. *Dulwich Centre Newsletter*, 3:41-52.

Lyddon, W.J. & Schreiner, G. 2000. Postmodernism and Psychotherapy. [Beskikbaar op die internet:] *http://www.issco.net/complexity/article4.htm* [Datum van gebruik: 31 Mrt. 2002].

Lynch, G. 1997. The role of community and narrative in the work of the therapist: A postmodern theory. *Counselling Psychology Quarterly*. 10(4):353, Des. 97.

**– M –**

Mair, M. 1988. Psychology as storytelling. *International Journal of Personal Construct Psychology*, 1:125-137.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1995. Designing qualitative research. London: Sage.

Mclean, B. 1997. Co-constructing narratives: a postmodern approach to counselling. Dunedin: Otago. (Skripsie – M.Ed.)

McNamee, S. 1996. Psychotherapy as a social construction. (In Rosen, H. & Kuehlwein, K.T., eds. *Constructing realities: meaning-making perspectives for psychotherapists*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers. p. 115-137.

Monk, G., Winslade, J., Crocket, K. & Epston, D. 1997. Narrative therapy in practice: the archaelogy of hope. San Francisco: Jossey-Bass.

Morgan, A. 2000. What is narrative therapy? An easy-to-read introduction. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Muller, J. 1996. Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

Muller, J. & Van Niekerk, M. 2001. Narratiewe terapie en kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 41(3):195-201,Sept.

**– N –**

Nell, H.W. 2000. The application of a narrative perspective to death related counselling. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Skripsie – MA.)

Nicholson, S. 1995. The narrative dance: a practice map for White's therapy. *The Australian and New Zealand journal of family therapy*, 16(1):23-28.

Nicol, A. 1996. Musiek as deel van 'n ko-terapeutiese proses. Pretoria: UNISA. (Skripsie – M.A.)

**– O –**

Oaklander, V. 2000. Short-term gestalt play therapy for grieving children. ( In Kadusan, H.D. & Schaefer, C.E., eds. Short-term play therapy for children. p. 28-52).

O'Hanlon, B. 1994. The third wave. *Networker*: 19-29, Nov./Dec.

**– P –**

Parry, A. & Doan, R.E. 1994. Story re-visions: narrative therapy in the postmodern world. New York: Guilford.

Pearson, M. & Wilson, H. 2001. Sandplay and Symbolwork: emotional healing and personal development with children, adolescents and adults. Australia: ACER.

Petruk, L. 1997. Creating a world in the sand: A pilot study of normative data for employing the sandtray as a diagnostic tool with children. San Marcos: Southwest Texas State University.

Potgieter, R. 2000. Beraad met kinders: 'n narratiewe ondersoek binne die sosiologie. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Skripsie – M.A.)

**– R –**

Richards, P.S. & Bergin, A.E. 1997. A spiritual strategy for counselling and psychotherapy. Washington, DC: Amercican Psychological Association.

Roth, S. & Epston, D. 1996. Developing externalizing conversations: an exercise. *Journal of Systemic Therapies*, 15:5-12, Spring.

Ryce-Menuhin, J. 1992. Jungian Sandplay: the wonderful therapy. London: Routledge.

## – S –

Sandplay Therapists of America. 2001. Transitional guidelines for training to become a member and teaching member of sandplay therapists of America. [Beskikbaar op die internet:] http://www.sandplayusa.org [Datum van gebruik: 12 Febr. 2002].

Soal, J. & Kottler, A. 1996. Damaged, deficient or determined? Deconstructing narratives in family therapy. *South African Journal of Psychology*, 26(3):123-134.

Strauss, A. & Corbin, J. 1990. Basics of Qualitative research. London: Sage.

Sween, E. 1998. The one-minute question: What is narrative therapy? Some working answers. *Gecko: A journal of deconstruction and narrative Ideas in therapeutic practice*, 2:3-6.

Sweeney, D. 1997. Counselling children through the world of play. Wheaton, IL: Tyndale House Publishers.

## – V –

Van Dyk, A. 2000. Presentation for Association for play therapy. [Beskikbaar op die internet:] http://www.webmaster@sandplay/sandplay.net.html [Datum van gebruik: 16 Jun. 2002].

Van Heerden, P.R. 1999. Die navorsingsproses. (Lesing gelewer op 2 Oktober 1999 as deel van die kursus M.A. (V) NH F. Huweliks- en- Gesinsberaad. PU vir CHO.) Vanderbijlpark. (Ongepubliseer.)

Vintruella, L. & James, R. 1987. Sandplay: A therapeutic medium with children. *Elementary-School-Guidance-and-Counselling*. 21(3): 229-238.

Vondracek, F. & Corneal, S. 1995. Strategies for resolving individual and family problems. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

– W –

Weinrib, E. 1983. Images of self: The Sandplay therapy process. Boston, MA: Sigo Press.

Wheat, R. 1995. Help children work through emotional difficulties - sandtray are great! *Young Children*. 51:82-83, Nov.

White, C. & Denborough, D. 1998. Introducing narrative therapy: A collection of practice-based writings. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, J. & Allers, C.T. 1994. Play therapy with abused children: a review of the literature. *Journal of counseling and development*, 72(4). [Beskikbaar op die internet:] http://cep.jmu.edu/vaplay [Datum van gebruik: 25 Jun. 2002].

White, M. 1986. Negative explanation, restraint, and double description: a template for family therapy. *Family process*, 25:169-184, Jun.

White, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre Newsletter*, 2, 29-36.

White, M. & Epston, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York: Norton.

Winslade, J. & Smith, L. 1997. Countering alcoholic narratives. (In Monk, G., Winslade, J., Crocket, K. & Epston, D., eds. Narrative therapy in practice. San Francisco: Jossey-Bass. P. 158-192.)

– Z –

Zinni, V. 1998. Differential aspects of sandplay with 10- and 11-year-old children. *Child abuse and neglect*. 21:657-668, Jul.